

# Tyd vlieg nie regtig nie

*en ander stukke oor ander onderwerpe*

**BRAND SMIT**



# **Tyd vlieg nie regtig nie**

en ander stukke oor ander onderwerpe

**BRAND SMIT**

© 2018 Barend J. L. Smit

Alle regte voorbehou  
Eerste uitgawe 2018

## INHOUD

<u>Oor die skrywer</u>	6
<u>Hoe die kragte dans</u>	7
<u>Die ampse einde</u>	10
<u>Skroeiende sosatie</u>	14
<u>Storm voort met 'n brandende viool</u>	16
<u>Ons van hierdie tyd</u>	19
<u>Ou helde staan, sommige val, en posters word omgeruil</u>	24
<u>Dag in die dorp</u>	39
<u>Oor ape en (sogenaamde) oorspronklikheid</u>	41
<u>Droom van sout, twee vrouens en 'n eier</u>	44
<u>Vonke en ware liefde, in 'n neutedop</u>	46
<u>Ten minste drie voorbeelde wat bewys dat mense vol nonsens is</u>	48
<u>Tyd om op te gee</u>	50
<u>Weerkaatsing van die vrou met die roller op haar voorkop</u>	51
<u>Dankie tog kinders is nie soos (sommige) volwassenes nie</u>	53
<u>Kersdag is 'n bietjie soos die lewe</u>	55
<u>Tyd vlieg nie regtig nie</u>	56
<u>Ons is soms die mense wat ons verpes</u>	57
<u>Snaaks hoe dinge uitwerk</u>	59
<u>Die man, die kind, en 'n spesiale toebroodjie</u>	61
<u>Krisis afgewend</u>	62
<u>Jy bou nog so lekker aan jou kaarthuis ...</u>	64
<u>Die jaartalle krap aan my</u>	65
<u>Die werklike, of nie werklike, doel van ons bestaan</u>	66
<u>Die Groot Trek – vlees-en-bloed geskiedenis</u>	69
<u>'n Desperate versoek</u>	71
<u>'n Goeie en suksesvolle dag word opgebou laag vir laag</u>	72

<u>Die Russiese Rewolusie, en my pogings tot 'n redelike normale lewe</u>	74
<u>Slaan die drom met oorgawe, of laat sak jou kop in skaamte</u>	79
<u>Huiskatte is nie noodwendig waansinnig nie</u>	81
<u>Tyd stap aan, en voorbladnuus vervaag</u>	83

## **Oor die skrywer**

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

\* \* \* \* \*

Die stukke in hierdie versameling is geskryf tussen 2001 en 2017.

BRANDSMIT.NET

# Hoe die kragte dans

Vrydag 1 Junie 2001

Dat alles om mag wentel, is een van die belangrikste dinge wat ek geleer het op die bedrieglike pad na volwassenheid. Hierdie waarheid geld nie net op die politieke en ekonomiese terreine nie, dis net so geldig op die terrein van persoonlike verhoudings.

Enige persoon wat ooit gelukkig genoeg was – of ongelukkig, hoe dit ook al sy – om in 'n intieme verhouding met iemand anders te kon wees, sal vir jou kan sê dat beide partye altyd geweet het waar hulle staan in die magsbalans. In die ideale verhouding is albei partye natuurlik gelyk, selfs al is die een soms in 'n beter emosionele toestand as die ander, en derhalwe beter in staat daartoe om sake, vir die oomblik, te dikteer. Maar die feit dat die party in beter gemoed elke nou en dan wissel, bevestig die basiese gelykheid van die twee partye.

Hierdie beginsel geld ook vir vriendskappe. Daar mag tye wees wat die een vriend meer in beheer is van 'n situasie, en meer oortuig is van hom- of haarself. In sulke gevalle sal die ander vriend amper instinkatief die onderdanige posisie inneem. Hierdie rolle kan verander so gou as wat die onderwerp van bespreking verander, of wanneer 'n situasie ontwikkel waarmee die een persoon meer gemaklik is, of wat hy of sy met meer selfvertroue kan benader.

Dieselfde verskynsel manifesteer ook op subtiele wyses in sosiale omgang tussen vreemdelinge. Wanneer twee mense mekaar vir die eerste keer ontmoet, sê by 'n braai of by 'n drink-en-dans ruimte, onderneem die brein 'n spoed profiel samestelling. Feite word gesoek en gerangskik in 'n voorlopige begrip van magsbalans. Is die persoon vriend of vyand? Is hy cool, of is hy 'n loser? Is sy iemand wie se naam ek behoort te onthou, of moet ek net haar hand papperig skud

terwyl ek oor haar skouer soek na iemand wat my belangstelling meer prikkel?

Afhangende van die voorlopige antwoorde op hierdie vrae, besluit ons waar ons staan met hierdie vreemdelyng. As die persoon gereken word as 'n nie-bedreigende, potensiele vriend wat die indruk skep dat hy of sy weet watter woorde om in watter konteks te gebruik, dan word die volgende stel vrae opgestuur na die Hoër Orgaan toe: Moet ek hom/haar as 'n gelyke behandel, of as iemand wat ek nie sal omgee om saam te sleep as 'n bewonderaar nie? Of, moet ek my bes probeer om hierdie persoon se guns te probeer wen omdat, a) die persoon meer weet as ek, b) meer ervaring het as ek, c) iets het wat ek wil hê, of d) ek die persoon beskou as my meerdere om al drie redes en nog 'n paar ander?

Jy mag dalk dink dat hierdie hele denkproses die grootste deel van 'n minuut opneem, maar in vele gevalle is al hierdie vrae reeds beantwoord teen die tyd wat die handdruk verby is, of die kop ophou knik. Die faktore wat die antwoorde van hierdie vrae bepaal sluit in voorkoms, die intensiteit van 'n glimlag, die entoesiasme of afwesigheid daarvan wanneer die ander persoon gegroet word, mense saam met wie jy of die ander persoon is wanneer julle aan mekaar voorgestel word, of enige inligting wat die persoon oor jou beskik het voordat hy of sy jou persoonlik ontmoet het, of inligting wat jy oor die ander persoon beskik.

In sommige gevalle is dit moontlik dat 'n aanvanklike swakkerige beskouing van jou verander sodra die ander persoon sekere dinge oor jou wysraak. As die persoon byvoorbeeld moet uitvind dat jy ten spyte van jou eksentrieke voorkoms, sal ons maar net sê, finansiële baie gemaklik is, sal jy heel moontlik 'n onmiddellike houdingsverandering teëkom op jou terugkeer van die badkamer af.

Natuurlik kan die teenoorgestelde ook gebeur. Jy mag dalk reken jy't 'n blywende indruk gelaat met die fyn sinchronisasie tussen kleredrag en fantastiese mites wat jy oor jouself versprei het, maar teen die derde keer wat jy iemand raakloop wat aanvanklik gedink het jy's 'n held, vind jy tot



jou ontsteltenis dat die persoon intussen onder 'n sterker figuur se vlerk ingekruip het. Of miskien het jy te veel geleun op jou staaltjie van die tyd toe jy en 'n lid van die onttroonde Birmaanse koningshuis gevlug het deur die oerwoud van Viëtnam, net om te vind julle is in werklikheid in Thailand, en dat hy jou persoonlik verantwoordelik hou vir die feit dat hy malaria het. “Van wanneer af het almal sulke stories?” sal jy wonder, terwyl jy die vertrek deursoek na 'n nuwe groep mense om te beïndruk.

Dit is helaas, nie net die onaantasbares van Indië wat 'n stryd voer met 'n kastestelsel nie. Alle gemeenskappe het hiërargieë en klasse wat kruis-en-dwars oormekaar vleg. Almal, van die rykstes tot die armstes, van die koelste boekhouer tot die verveligste popster, moet probeer byhou met wat hulle plek bepaal op die magshiërgarie in die omgewings waarbinne hulle hulself vertoon.

Iemand moet eintlik 'n sproei ontwerp wat 'n mens oor 'n sosiale bymekaarkoms kan spuit om werklike opinies en vlakke van respek wat mense het vir dié rondom hulle, bloot te lê. 'n Paar geheime bewonderaars mag dalk ontmasker word, maar die kans is aansienlik beter dat 'n paar opgeblase ego's die nietigheid in geprik sal word.

## Die ampse einde

Donderdag 5 Julie 2001

Ek het myself gisteraand amper doodgeskiet met 'n speelgoedpistool.

Vir die afgelope drie dae al kampeer ek uit op my sitkamervloer, met die een oog op die TV, en die ander een op my boek oor die geskiedenis van die KGB. Die hele doel van hierdie oefening was om 'n poging aan te wend om belangrike besluite te neem oor my lewe, en oor 'n moontlike toekoms. Op een stadium strek ek toe uit na 'n kassie – gerieflik bereikbaar vanuit 'n sittende posisie – om 'n pakkie hoofpynpille vas te vat, en ek vat toe die speelgoedpistool raak wat ek 'n paar maande gelede in 'n oomblik van verveling aangeskaf het. Die motivering agter die kopie was om myself te vermaak – om 'n paar teikens te probeer raakskiet in my woonstel wanneer my grysstof kookpunt bereik. Die hoofpynpille was op daai oomblik benodig vir presies hierdie rede.

'n Uur of twee na ek die speelding ontdek het, telefoneer my ouer suster uit Londen. Binne die eerste sekondes het ek, tot haar irritasie, genoem dat ek altyd aan háár dink wanneer ek probeer uitsorteer wat die volgende stap in my lewe moet wees. Sy het geen klad van ydel maande op haar professionele reputasie nie, het ek haar herinner; sy het die regte besluite op die regte tye geneem, en haar lewe in die laaste halwe dekade het 'n konstante opwaartse kurwe getoon. In vergelyking met haar relatiewe reguit pad na sukses, het ék 'n meer ongekarteerde roete geneem.

Slim soos sy is, raai sy my toe aan om nie tyd te mors deur aan die verlede te dink nie, en om myself nie te veel te bekommer oor “verkeerde besluite” wat ek oor die jare geneem het nie. Ek het instinktief 'n jonger-broer-wat-drooggemaak-het-en-ouer-suster-wat-hom-die-pad-probeer-

wys-argument aangevoel. Die gevolg was onvermydelik: Ek moes my oënskynlike rigtingloosheid verdedig.

En dit is presies wat dit is – *oënskynlike* rigtingloosheid, want daar was definitief ’n doel agter alles in my lewe tot op hierdie punt. Ek het verduidelik dat ek die afgelope vyf jaar nodig gehad het om uit te sorteer waaroor die lewe gaan, wat ek graag wou doen met my lewe, en miskien die belangrikste – hoe om laasgenoemde te versoen met die noodsaaklikheid van ’n gereelde inkomste.

Ons gesprek was kortgeknip toe sy ’n ander oproep moes beantwoord (sy’t van die kantoor af gebel). Die volgende vyf minute het ek gespandeer in ernstige kontemplasie oor die middelklas dogma wat dikteer dat enige persoon ouer as 24 wat nie geld maak nie, geklassifiseer moet word as ’n “loser”.

Ek het egter beter geweet as om die intelligensie en verdraagsaamheid van middelklasburgers te onderskat. Hulle verwag byvoorbeeld nie dat álmal in kantore moet werk nie – só kortsigtig is hulle darem nou ook nie! Hulle hét immers hulle helde wat rocksterre en skrywers en akteurs is. Meeste van hierdie mense maak natuurlik geld, en in sommige gevalle hope daarvan. Soveel meer rede natuurlik om hulle te idealiseer.

Toe my suster terugbel het ek sonder versuim voortgegaan met die verdediging van my eiesoortige uitkyk op die lewe. Sy noem toe dat ek haar ’n bietjie deurmekaar gepraat het, maar laat blyk ook opregte simpatie. “Hoekom kom jy nie Engeland toe nie?” bied sy uiteindelik haar standaard advies van baie jare aan. Ek het verduidelik dat ek tans aan ’n meesterplan skaaf, dat ek dit oorweeg om terug te keer Suid-Afrika toe aan die einde van die jaar, en dat ek besluite moet neem oor hierdie sake voordat ek kan dink aan dinge soos vakansies. Of sy agtergekom het dat ek doelbewus vaag was en die skyn probeer voorhou het van iemand wat weet waar hy gaan wees teen sy volgende verjaarsdag, sal ek nie kan sê nie.

Die gesprek het einde se kant toe begin staan. Ons albei het hoop uitgespreek dat alles goed sal gaan met die ander een,

en totsiens gesê. Ek het na die vloer bly staan, met geen spesifieke gedagtes in my kop om my op te beur nie.

Die volgende oomblik weerkaats die lig van die TV op die speelgoedpistool. Om uitdrukking te gee aan my misnoeë oor my alewige verwarring, tel ek die ding toe op, druk die koue plastiekloop teen my natgeswete voorkop, en trek die sneller. Niks, soos ek verwag het. Ek stap toe oor na die kassie en krap 'n paar van die harde, plastiek koeëltjies uit 'n laai, skielik opgewonde oor die afleiding wat 'n tweegeveg met die boks ontbyt pap sal voorsien. In my poging om die magasyn uit te haal, trek ek toe per ongeluk weer die sneller.

Tot my verbasing, en skok – in ag genome dat ek sekondes gelede die loop teen my voorkop gedruk het, bars daar 'n sarsie koeëls los. Met 'n slag wat herinner aan 'n Wilde Weste skietgeveg tref dit eers die geiser, 'n hele paar meter vanwaar ek steeds verstom vasgenaël gestaan het, en toe skram dit weg badkamer toe. Na verskeie hoppe het die koeëls tot ruste gekom in die bad.

“Ek kon myself vrek geskiet het,” mompel ek toe senuweeagtig na my weerkaatsing in die spieël.

'n Paar oomblikke later kom ek egter tot my sinne. Wat was werklik die moontlikheid dat 'n klein, harde plastiek koeëltjie eers deur my kopvel kon penetreer, dan deur my skedel, om homself uiteindelik te kon verdiep in my verwarde grysstof? Die redelike gevolgtrekking word toe gemaak dat ek myself kon beseer het, maar dat meer noodlottige gevolge onwaarskynlik was.

Eers omtrent 'n uur later dink ek toe aan die kort beriggie wat moontlik sou verskyn in 'n plaaslike koerant, as ek wel in 'n hospitaal moes opeindig sodat dokters 'n stukkie plastiek uit my voorkop kon verwyder: *“'n Dertigjarige man het laat gisteraand, nadat hy 'n telefoongesprek met sy loopbaangerigte ouer suster gevoer het, 'n onsuksesvolle poging aangewend om selfmoord te pleeg met 'n speelgoedpistool. 'n Klein, plastiek koeëltjie het in sy voorkop vasgesit vanweë die poging, en die man is kort daarna in die hospitaal opgeneem om dit te laat verwyder. 'n Verpleegster*

*sê dat hoewel hy in 'n bestendige toestand is, die fisiese en emosionele letsels van die insident moontlik sigbaar sal vertoon tot hy sy middeljare-krisis tref in 'n dekade of so.”*

Oortuig daarvan dat ek 'n tweede kans op die lewe gegun is, gooi ek toe die speelding terug in die laai, en sweer daar en dan geweld af as 'n manier om my pad in die lewe te vind. Ek het die verbryselde oorblyfsels van die amper vervloekte koeëls bymekaargemaak, en soos ek die stukkie in die asdrom gooi, kon ek sweer ek hoor hoe die boks ontbytpap net so effens agter die bottel koffie uitskuif.

## Skroeiende sosatie

Saterdag 30 Augustus 2003

Almal maak foute, al probeer ons hoe hard om mekaar tegemoet te kom. Ontsteltenis was egter te verwagte toe die vrou vanaand by die deep fried stalletjie nie haarself kon indink wat ek bedoel toe ek vir haar in Chinees vra hoeveel kos die tofu-sosatie nie.

My Chinees is ver van vlot af, maar ek kry dit redelik goed reg om elke dag in uiteenlopende situasies te sê wat ek moet sê. Ek kan oor dit en dat gesels met kollegas by die werk; ek kan nuwe skedules bespreek met 'n skoolhoof, en ek kan maklik 'n halwe periode lank met sesjarige gesels en grappe maak (in Chinees, as ek eintlik betaal word om Engels te praat). “Hoeveel kos dit?” is 'n frase wat uitlanders gewoonlik onder die knie het na die eerste week in Taiwan. Om dan na 'n paar *jaar* nie verstaan te word nie wanneer jy 'n frase gebruik wat ten minste jyself gedink het jy bemeester het, is ontstellend vir die ernstige taalstudent.

My uitspraak van “Hoeveel kos hierdie ding?” was, soos meeste van my Chinees, waarskynlik nie 100% akkuraat nie. Maar watse ander inligting kan mens denkbaar by haar soek as jy die stokkie met blokkies ingerygde tofu optel, jou mond oopmaak en vraend in haar rigting sê, “blaf-blaf”? Om 'n bedrag te uiter, moes, in my opinie, 'n instinktiewe reaksie gewees het op *enige* klanke wat uit my mond gekom het! Maar in plaas daarvan om 'n prys te noem, verklaar sy dat sy my nie verstaan nie.

Rekende toe dat sy miskien nie *enige* klanke uit die mond van hulle gereelde en gewoonlik stom buitelandse kliënt verwag het nie, en dat sy moontlik ietwat verskrik was omdat sy gemeen het sy moes Engels praat, herhaal ek dit toe weer. Stadiger. Weereens glimlag sy asof ek simpel is, en vra vir die ouer dame wat langs haar die kos in die olie gooi, “Antie, die uitlander het nog nooit gepraat nie, nou praat hy. Wat sê hy?”

Ek probeer toe weer. En weereens kan sy nie uitpluis dat ek nie vir haar vra na die geskiedenis van olierige kos in Noordoos-Asië nie, maar net na die prys van die vervlakste tofu-sosatie. Toe sy my dus vir die derde keer aankyk met 'n goed bedoelde maar onbehulplesame glimlag, kook my eie olie genoeg om die sosatie daar en dan in die straat te verskroei.

Ek meen toe dat dit mag help om 'n muntstuk uit my broeksak te ruk, maar slaag toe net daarin om my sleutels in die bak hoenderpote te gooi.

Briesend en terselfdertyd verleë hou ek toe 'n oomblik later wel 'n muntstuk triomfantlik in die lug. "*Qian, qian! Duo shao qian?!*" pleit ek toe weer in frustrasie.

Die ouer tannie draai toe vir 'n oomblik weg van 'n ander ou se spek-en-weensie-worsie-sosatie wat besig was om te braai in die kokende olie, en vertaal my poging as "*Duo shao qian?*" in haar moedertaal-dialek, oftewel "Hoeveel geld?".

"Dertig," dui die jonger vrou toe aan met drie vingers in die lug.

Rooi in die gesig krap ek toe my sleutels tussen die hoenderpote uit, en begin my groen plastiekbakkie vol tofu-sosaties te pak. En omdat ek toe in 'n slegte bui was en dit nodig gehad het, ook 'n paar happe seekat.

"Haven't you heard a foreigner speak Chinese before?" kap ek toe in my beste Engels oor die bondels boontjies en blomkool.

Maar 'n gloed het reeds oor die vrou se wange begin dans, en ek los toe maar my drama. Miskien, reken ek toe, was sy net ingedagte, en toe ek onverwags vreemde geluide begin maak, het sy haar bes probeer om te verstaan wat sy moontlik gedink het was Engels.

Die laaste glimlag was egter hare. Ek verkies my diep-gebraaide blomkool en tofu met net so 'n snarsie rooi peper, en ek het anderpad gekyk toe sy die speserye vasvat.

# Storm voort met 'n brandende viool

Saterdag 11 Oktober 2003

Daar is 'n gewilde gesegde wat lui dat ons begin om te sterf die oomblik wat ons gebore is. Ons selle begin verouder soos hulle groei, en selfs al herstel beskadigde selle tot min of meer volle funksionering, en vernietigde selle word vervang, is die pas van hernuwing en kwaliteit van nuwe selle nooit voldoende om ons vir ewig aan die lewe te hou nie. Dan is daar die feit dat ons lewens beëindig kan word deur onnatuurlike oorsake sodra ons dit waag buite ons kotte. Kan enige iemand geblameer word as hulle ernstige eksistensiële angis vertoon elke keer wat hulle uitgaan?

'n Paar jaar gelede, in daardie heerlike jaar net toe ek veronderstel was om aan te sluit by die hoofstroom van lewe, was ek gelukkig genoeg om 'n klassieke film te sien op my geleende swart-en-wit TV. Ek was nog nooit entoesiasies oor cowboy films, of films oor Wilde Weste boewe nie, maar hierdie spesifieke flied het my gegee 'n bepaalde perspektief op die lewe en 'n houding wat geblyk het uiters bruikbaar te wees.

Die flied, *Butch Cassidy and the Sundance Kid*, vertel die verhaal van twee skurke in die Ou Weste. Nadat die twee hulleself in die moeilikheid in gesteel het, vlug hulle Suid-Amerika toe. Teen die einde van die film is hulle vasgekeer in 'n klein dorpie in die Boliviaanse platteland, met op hulle spoor 'n paar plaaslike geregsdienaars. Waarvan hulle salig onbewus is, is van 'n peloton soldate wat ook toevallig in die buurt is. Butch en die Kid sit toe in 'n gebou, rûe teen 'n muur, en bespreek die kans dat hulle lewendig uit die situasie kan kom. Omsingel deur die plaaslike burgermag, onbewus van dosyne soldate wat ook reeds stelling ingeneem het, reken hulle hul kans is skraal. Tog, besluit hulle uitdagend, sal hulle probeer om weg te kom. Buite, op die dorpsmure, wag dosyne gelaaide gewere op hul poging. Die twee rampokkers



gaan hulle rewolwers na, prewel 'n laaste paar woorde, en storm uit al koestend vir honderde koeëls. Hoewel dit net gesuggereer word deur slim kamerawerk, weet almal wat die enigste moontlike resultaat is: Hulle het gesneuwel, maar – met hul eie rewolwers al skietende in alle rigtings.

Toe die fliëk verby is, staar ek eers woordeloos na die naamrol, betower deur die diepgaande implikasie vir my eie lewe. Ek onthou toe van 'n skermgreep in die koerant wat geadverteer het dat die fliëk op TV sou wys daai aand. Ek het die koerant opgespoor, die prent uitgeknipt met 'n stomp skêr, en besluit om dit prominent te vertoon in elke plek wat ek van toe af sou bewoon. Dit was geplak teen die badkamerdeur in die munisipaliteitswoonstel wat ek met my jonger suster gedeel het op daai tydstep, teen 'n kasdeur in Suid-Korea, en teen meer as een muur nadat ek teruggekeer het na Suid-Afrika. Dit was ook die eerste prent waarvoor ek plek gevind het in die sitkamer van my eerste woonplek in Taiwan, en op hierdie oomblik is dit geplak langs die voordeur van my tweede woonstel in hierdie stad, om te verhoed dat ek vergeet waar ek vandaan kom, of waarheen ek op pad is.

Dit het geword die naaste aan 'n persoonlike slagspreuk, 'n lewensfilosofie buiten “leef en laat leef” waarmee ek redelik tevrede kan wees.

Soos ek vanmiddag my woonkamer betree na my Chinese klas, trek die prentjie weereens my aandag. Ek was besig om te dink aan my onlangse planne om Taiwan te verlaat – 'n belangrike gedagtegang wat gewoonlik voorrang geniet bo enige ander vrag idees, maar die prentjie het my aandag daarvan afgelei. Ek het gedink oor hoe die prent verduidelik wat ek gedoen het die afgelope dekade, en veral gedurende my tyd in Taiwan. My voortdurende pogings om myself besig te hou, is my eie manier om na die spreekwoordelike stof terug te keer met wapens wat vuur in alle rigtings. Dis nie juis heldhaftig of dapper nie, maar dit is my manier om te sê, “As ons in elk geval die stof gaan byt maak nie saak wat ons doen nie, dan gaan ek liever uit terwyl ek myself produktief besig hou tot die finale asemteug.”

Ek het wel begin dink dat my siening van hierdie slagspreuk en die gepaardgaande houding teenoor lewe op aarde dalk pessimisties kan voorkom, miskien selfs 'n bietjie morbied, en nogal redelik vervelig. “Is daar nie plek vir 'n bietjie sinnelose vermaak nie?” vra ek myself. Ek het peinsend by die kombuisvenster uitgestaar, en toe besef ek: Nero het viool gespeel terwyl Rome gebrand het. Hy – of ten minste die mitiese Nero – het die verskriklike feite op die grond geïgnoreer, en homself eerder vermaak met 'n bietjie musiek.

Veel kan ook gesê word oor hierdie houding, maar dit het beslis 'n sekere mate van styl – uitdagend op die rand van waansin. Om jouself te vergryp aan vermaak in die tyd waarin óns leef, is nie soveel anders as dronk Nero se flambojantheid terwyl vlamme die marmerpilare van sy stad swart gelek het nie. Om 'n sepie op TV te kyk terwyl mense doodgaan van die honger kwalifiseer dalk nie as uitdagend in baie mense se gedagtes nie, maar dit beteken nie dat daar geen regverdiging is vir 'n bietjie pret en plesier nie.

Elkeen van ons se lewens sal uiteindelik sy konklusie bereik. Om uit te gaan met al jou wapens wat vuur, ongeag presies wat dit beteken vir elke persoon wat hierdie slagspreuk aanhang, is een manier om te gaan. As jy daarin kan slaag om 'n bietjie pret te hê terwyl jy op pad is na die uitgang, dan soveel beter.

Butch en The Kid het 'n stortvloed van 'n duisend koeëls binnegestorm, hul eie wapens vurend tot die stilte op hulle neergesak het soos 'n swaar gordyn, totdat hulle lewelose vingers van die snellers afgegely het. Nero het probeer om die gille van brandende burgers stil te maak deur te pluk aan sy viool. Ek doen my huishoudelike take, leer 'n paar Chinese karakters, skryf 'n paar reëls poësie, maak my fiets reg wanneer dit nodig is, verf my mure en deure effens verskillende variëteite eierdopwit, en beplan my repatriasie uit ballingskap. En ek is redelik seker daarvan as ek hard genoeg soek daarvoor, ek weer daai middel “C” op my goedkoop elektroniese klawerbord sal kan vind.

## Ons van hierdie tyd

Woensdag 3 Desember 2003

My oggend het 'n paar gesigte opgelewer: die eerste een was my eie in die waas van 'n gevlekte badkamerspieël; die tweede was die jong gesiggie van enige van die kleuters in Nommer Nege Gebuigde Dorp; die derde was dié van die ou man, agter sy lessenaar by die skool in Nommer Nege, wat lyk soos Ho Chi Min; die vierde gesig het behoort aan 'n babaseun op die trein terug na Fengshan. Hierdie versameling portrette het my aan die dink gesit.

Ekself was 'n kleuter in die vroeë jare sewentig. Hoewel ek ook toe, soos nou, asem gehaal het, geëet het en van tyd tot tyd iets te sê gehad het, kan ek baie min van daai tyd onthou. Ek het geskiedenisboeke en ou koerante nodig om die res van die storie aan te vul van 'n tyd toe meeste van wat gebeur het nooit my bewussyn binnegesypel het nie (of nie sin gemaak het vir my onderontwikkelde grysstof nie). Ek het byvoorbeeld eers later geleer dat B.J. Vorster die Eerste Minister was van Suid-Afrika gedurende hierdie periode; Richard Nixon, en toe Gerald Ford die presidente van Amerika; die hoogdrawende Brezhnev Kameraad Een in die Sowjet Unie; en Pol Pot Broeder Een in 'n land wat ek eers twee dekades later sou ontdek op 'n wêreldkaart. Op ander gebiede, soos ek ook veel later eers sou uitvind, het Jim Morrison, Jimi Hendrix en Janis Joplin reeds vertrek na die hiernamaals, Bruce Springsteen het op 'n tafel gespring en is die volgende dag geëer as die toekoms van Rock & Roll, en die Britse Leeus onder leiding van ene Willie John McBride het trane en weemoed gesaai oral waar hulle aan 'n rugbybal gevat het.

Ek weet al hierdie dinge nou omdat ek dit gelees het. Dit kon net sowel geskiedenis van die Middeleeue gewees het as dit nie was vir die feit dat ék ook êrens op die planeet was op dieselfde tyd nie.

Die sewentigs was my toeskouer dekade – al het ek nie veel verstaan van wat op die speelveld aangegaan het nie. Ek het meeste van my dae tydens daai dekade gespandeer in sandputte, toegesluit in ’n ou wrak in ons agterplaas (gewoonlik my eie skuld), en langs kombuistafels besig om my liggaam sterk genoeg te eet vir die volgende dekade.

Die eerste deel van die tagtigerjare was ek tot ’n groot mate steeds onbewus van enige iets buite my onmiddellike omgewing. Teen die einde van die dekade was ek egter oud en slim genoeg om konsepte te verstaan soos “Die Koue Oorlog”, “Apartheid”, “Die Kommunis is Satan” en “Nelson Mandela gaan die eerste swart president van Suid-Afrika word”. Ek kon ook teen 1989 goed genoeg lees en skryf om skool te kon verlaat, en ek het slim probeer klink as mense my gevra het wat my volgende stap in die lewe gaan wees.

In die negentigerjare het ek ’n meer aktiewe lid van die gemeenskap geword, en is steeds op my eie manier gedurende hierdie eerste dekade van nul. Ek is nou oud en bles genoeg dat dit nie ongehoord is dat ander volwassenes vir my vra, “En wat dink jy?” nie. Ek is ook verstandig genoeg om te kan trou en om kinders te kry (of verstandig genoeg om dit nie te doen nie), en om my stuiwer in die beurs van Beleefde Beskawing te gooi.

Nou, bogenoemde is bruikbaar as ’n kort biografie oor myself, maar dit is ietwat beperk as ’n groter beskouing van die spreekwoordelike “ons” wat gedurende hierdie tyd ons bestaan voer. Hoewel ek graag die laaste dekade en die huidige een – die jare van my laat twintigs en vroeë dertigs – wil beskou as my tyd, is dit net ’n fraksie van die waarheid. Hierdie is ook die tyd wat die kleuters in Gebuigde Dorp dieselfde son op hulle bakkies voel as ék op my halfbebaarde gesig. Dieselfde met die babaseun op die trein, en die oupa aan wie die kleuterskool behoort. Ons almal leef in hierdie tyd.

Vyfhonderd jaar van nou af gaan dit nie saak maak dat ek 32 was gedurende hierdie dae, die kleuters vyf of ses, die oupa

75, en die babaseuntjie ses maande nie. Hierdie tyd is ons almal s'n, al kan sommige van ons nog nie behoorlik ons name skryf nie, en al het sommige al soveel keer hulle name geskryf dat hulle wens iemand anders kan dit vir 'n slag namens hulle doen.

Ons is geneig om baie gesteld te wees op ons ouderdom, en om onself in te deel volgens 'n groeiende aantal klassifikasies. Daar's Kleuters, Pre-tieners, Tieners, Jong Mense, Vroeë Twintigs, Laat Twintigs, Vroeë Dertigs, Middel Dertigs, Laat Dertigs, Middel Veertigs, Vyftigs, Sestig, Sewentigs, Afgetree, Bejaard, Regtig Oud, en Oud Genoeg Om In Die Guinness Book of Records Te Verskyn.

Eksel pas in die Vroeë Dertigs vakkie, en is party dae regtig verlig dat ek nog nie in my middel dertigs is nie. Ek het vriende in hulle middel twintigs (of soos ek hulle graag daarop wys, amper aan die "verkeerde kant" van 25). Ek het ook vriende in hulle laat dertigs, en van my beste vriende is in hulle middel veertigs (die sogenaamde middeljare). Ek kan opreg sê dat ek gelukkig is daarmee om 32 te wees. Ek is bly ek is nie nou 'n tiener nie. Ek is ook baie dankbaar dat ek nog nie bejaard is nie.

Die vraag is, wat maak dit saak? Natuurlik is daar 'n verskil tussen vyftien en 75, en tussen 25 en 55. Maar kom ons kyk na almal wat nou, sê onder 35 is. Dit sluit dus in myself, my twee susters, 'n paar vriende en vriendinne, die tieners van vandag, maar ook die klomp snotneusies by die kleuterskool. Dit sluit selfs in die sesmaand-oue baba op die trein. Waar gaan ons staan in verhouding met mekaar oor 30 jaar (of dan dié van ons wat dit so ver maak)? Ek sal 62 wees; nie meer vandag se kind nie, maar ook nog nie bejaard nie. My een vriendin wat nou 25 is, gaan 55 wees. My twee susters gaan 56 en 64 wees. Die klomp by die kleuterskool gaan tussen 34 en 36 jaar oud wees, en die baba op die trein sal pas 30 geword het. Hoewel hierdie laaste groep die jongste is van dié wat vandag son op hulle wange gevoel het, sal selfs hulle dus nie meer vandag se kinders wees nie (by wyse van

spreke). Van die laities gaan al bles wees; van die meisies gaan moontlik al hulle eie tienerseuns en -dogters hê.

Twee-en-sestig, laat-vyftigs, middel-dertigs ... ons gaan almal volwassenes wees van die Tyd en Wêreld van 2033. Dis moontlik dat ék nog kinders sal verwek wat aan die einde jonger gaan wees as die kinders van die pikkies wat vanoggend aan my been gehang het. Maar op hierdie oomblik het ons álmal ons voete in hierdie tyd – hier en nou. As dit reën vanaand, voel ons almal dit. As daar 'n epidemie uitbreek, word ons almal geraak.

Die versoeking is daar om te sê ek weef net hierdie opstel aanmekaar om myself beter te laat voel oor my eie jare wat aanstap. Of omdat ek soos Oupa Ho Chi Min gevoel het toe ek vanoggend 'n tweejarige in 'n dik jas gesien dans het met lomp bene, sy knikkende kop nie veel groter as my knie nie. Of omdat ek herinner was aan hoe ver ek al is op die pad van gemiddelde lewensverwagting toe ek die baba op die trein opgemerk het, rustig aan die slaap, en onbewus van enige iets anders as die warm knusheid van sy ma se arms. Nietemin, nie een van hierdie dinge sal enige iets verander nie aan die feit dat 'n verskil in ouderdom tussen twee mense toenemend vervaag soos die jare aanstap vir beide. Dit sal ook niks verander aan die feit dat instellings, konvensies, en die eksterne bewyse van ons bestaan, ons heel moontlik gaan oorleef nie.

Feit is ook dat ander mense vóór ons hier was. Demokrasie, die vryemarkstelsel, moderne arbeidsverhoudings, stede wat uit hulle nate bars, en mense wat nie meer weet hoe 'n grot of 'n lappie groente lyk nie, is nie net te wyte aan ons eie aksies nie. Ons het hierdie wêreld geërf. En dis weer óns plig om te doen wat ons kan om iets na te laat aan dié wat twee honderd, en vyf honderd jaar na ons gaan tob oor die sin van hulle bestaan.

Nie ek, my twee susters, my amper-aan-die-verkeerde-kant-van-25-vriendin, my middeljarige en laat dertigs vriende, die tandloses in die kleuterskool en op die trein, of enige van

die tandlose ou mans met lang wit baarde gaan nog hier wees oor twee honderd jaar nie. Dit – dit is wat ons almal van hierdie tyd aan mekaar bind. Nie een van ons het geleef in die tyd van Julius Caesar of Napoleon Bonaparte of Strandloper X nie (teorieë oor reïnkarnasie of tydreise vir die oomblik tersyde gestel). Net so het nie een van die mense wat geleef het in die tyd van die Franse Rewolusie, of tydens die Goue Jare van die Romeinse Ryk, dit gemaak tot 2 Desember 2003 nie. Hulle het almal gesnuwel. Almal. Sonder uitsondering.

Dit sal dus nie onvanpas wees nie om aan die einde van hierdie stuk – ter illustrasie – te vra wat dit nog vandag saak maak dat een vrou in Desember 1541 aan die later kant van 25 was, of wat dit saak maak dat een ou toppie in sy sewentigs was. En maak dit nog vandag saak dat daar ook toe ’n driejarige kind was wat met lomp bene gedans het op ’n vergete wysie?

Historiese Voetnota:

“En,” vra iemand 462 jaar van nou af, “wat maak dit saak vandag, Woensdag 2 Desember 2465, dat ’n 32-jarige man in Desember in die jaar 2003 in die laat agtermiddag gesit en tob het oor die waarde van sy eie bestaan?”

# **Ou helde staan, sommige val, en posters word omgeruil**

Desember 2003

## **Inleiding**

Ek kyk nie meer TV nie. Ek sou graag wou sê dis omdat ek dink dis 'n mors van tyd, en dat ek daai uur of drie beter kan benut deur FreeCell op die rekenaar te speel. Wat egter gebeur het was dat ek nie vooruit betaal het vir my cable TV toe ek Juliemaand Suid-Afrika toe was nie, en die dame wat altyd die geld kom haal het, het dit toe laat afsny. Die rede hoekom ek dit nog nie weer laat aktiveer het nie, is wel polities gemotiveer. Ek het meer CNN gekyk as enige ander kanaal, en ek kon dit nie meer verduur om in die gesigte van George W. Bush en sy hoof-oorlogsheer Donald Rumsfeld vas te kyk nie.

Wat ek deesdae doen om my ontbyt meer vermaaklik te maak, is om te lees. Ek het onlangs 'n boek van L.S. Stavrianos teruggekry van 'n vriendin wat dit vir twee jaar lank geleen het, en ek dog toe dit sal aangename leesmateriaal wees op 'n nugter maag. Die titel van die boek is *The World Since 1500 – A Global History*. Dit sluit hoofstukke in oor die Renaissance, Protestantisme, die Ottomaanse Ryk, en die ontdekking deur Westerse seevaarders van lande wat hulle nie geweet het bestaan nie. Daar is ook 'n hoofstuk oor Europa se wetenskaplike, industriële en politieke rewolusies, en hoe dit die wêreld gevorm het wat ons vandag ons s'n noem.

## **Die Philosophes**

'n Goeie geskiedenisboek lei soms tot insigte oor jou eie lewe, oor hoe dit gekom het dat jy leef soos jy leef, dink soos jy dink, en glo waarin jy glo. So was dit dan toe ek die oggend by die stuk kom oor die Verligting.



Saam met heerlike Australiese hawermout, Amerikaanse muesli, en twee ander ontbytpappe wat ek saam met eersgenoemde twee kombineer, het ek ingeneem dat die hoofkarakters in die Verligting die sogenoemde *philosophes* was. Hierdie groep, so't ek geleer, moenie verwar word met formele filosowe nie. Die *philosophes* was nie diepsinnige of sistematiese denkers in enige veld nie. Hulle was hoofsaaklik literêre figure, populistes wat eerder uit die joernalistieke as akademiese rigtings gekom het.

Die twee belangrikste idees van hierdie groep was Vooruitgang en Rede. Hulle het geglo dat menslike lewe stadig maar seker sal verbeter soos die tyd aanstap, sodat elke geslag beter lewens sal lei as die vorige geslag. Hoe kon hierdie voortdurende vooruitgang gehandhaaf word? Deurdat mense gebruik maak van hulle redenasievermoë.

Hierdie advokate van vooruitgang was oor die algemeen gekant teen die bestaande orde. Hulle het toneelspele, romans, opstelle en weergawes van geskiedenis geskryf om hulle idees te populariseer, en om die noodsaaklikheid van verandering te illustreer.

Die *philosophes* was sterk beïnvloed deur die bevindings van die Engelse fisikus en wiskundige, Isaac Newton. Hulle het geglo, soos Newton gedemonstreer het, dat daar natuurlike wette is wat nie net die natuur reguleer nie, maar ook die menslike samelewing. Op grond van hierdie oortuiging het hulle rede toegepas op alle terreine van die lewe, ten einde die natuurlike wette vas te stel wat bepaal het hoe dinge werk. So is mense, instellings en tradisies onderwerp aan die toets van rasionaliteit.

Hierdie groep populistes het 'n stel rewolusionêre beginsels ontwikkel waarvolgens hulle 'n totale herorganisasie van die samelewing voorgestel het. Op die gebied van ekonomie was hulle leuse “laissez-faire” – wat daarop neergekom het dat mense toegelaat moet word om die ekonomiese aktiwiteite te onderneem wat hulle goedvind. Die Skotse ekonoom en filosoof, Adam Smith, het in sy boek *An Inquiry Into the Nature and Causes of the Wealth of Nations*

in 1776 geargumenteer dat individue gemotiveer word deur selfbelang wanneer dit kom by ekonomiese aktiwiteite, en dat elke man sy eie belange beter ken en verstaan as enige amptenaar van die staat.

Op die gebied van godsdiens was die *philosophes* sterk gekant teen godsdienstige fanatisme en onverdraagsaamheid. Sommige het ateïste geword, en was van mening dat godsdiens net 'n instrument is in die hande van die staat. Ander was meer agnosties in hulle oortuiging, en het gereken hulle kan die bestaan van God nie erken, óf ontken nie. Die meerderheid was deïste, wat die bestaan van God erken het, en dat Hy verantwoordelik was vir die skepping van die heelal. Hulle het egter aangedring daarop dat God na die skepping die wêreld toegelaat het om te funksioneer volgens bepaalde natuurlike wette, en dat Hy nie inmeng in die natuurlike gang van sake nie.

Die groot idee op die gebied van politiek was die Sosiale Kontrak. Een van die meer bekende *philosophes*, Jean-Jacques Rousseau, het geglo dat hierdie kontrak 'n ooreenkoms tussen gelyke is, en nie soos die Engelse filosoof John Locke wat geglo het dat regering 'n politieke kontrak is tussen die regeerders en die geregeerdes nie. Rousseau het in sy werk van 1762, *The Social Contract*, die regering beskryf as 'n "kommissie". Hy't verder geglo dat rewolusie 'n regverdige aksie is waardeur mense hulle regmatige mag weer kan opeis.

Hierdie idees oor ekonomie, godsdiens en politiek was in konflik met die gevestigde instellings en praktyke van die dag. Ook in teenstelling met gevestigde idees het die *philosophes* aan hulleself gedink as lede van die menslike ras, eerder as Fransmanne of Europeërs. Hulle fokus was op die vasstelling van sosiale beginsels wat *universeel* toegepas kon word, soos Newton se beginsels van die natuurlike wêreld.

Dit was my eerste groot ontbyt ontdekking. Ek het my linkerhandpalm getref met my regtervuis en vir die buurman

oorkant die stegie geskree, “Ek het altyd gewéét ek is iemand se kind!”

Die *philosohes* was populiste. Ek sien myself as nie soseer akademies ingestel nie, as gefokus op wat vir die gewone mens van praktiese waarde is.

Die *philosophes* was gekant teen die tradisionele instellings en praktyke van hulle dag. Natuurlik! Ek is ’n snotpikker teen pruikdraende hardebaarde soos Rousseau, maar ook ék maak piepgeluide teen die tradisionele instellings en praktyke van my tyd.

Selfs in terme van godsdiens drink ek eerder tee saam met ateïste, of speel eerder kegelbal met agnostici en deïste as saam met voorstedelike predikante – behalwe vir die enkele voorstedelike predikante wat ook eerder uithang saam met andersdenkendes.

Ek glo ook dat dit moontlik is dat elke geslag beter vooruitsigte kan hê as dié wat hulle voorafgaan, mits almal hulle koppe gebruik.

Al die idees wat ek so graag wil propageer kom dus van lank voor my tyd af. Dit het ek nog altyd vermoed, en ’n bietjie van geweet, maar nou kan ek datums en name gee aan die fondasies van my eie oortuigings.

Dit was egter die ekonomiese beginsels van die Verligtes wat my ’n voorsmaak moes gee van wat my ontbyt op ’n ander oggend surerig sou laat proe.

**’n Nare waarheid: Is wie ek *werklik* is, wie ek dink ek *nie* is nie, en is wie ek *dink* ek is, in direkte teenstryd met wie ek *werklik* is?**

’n Paar dae later – en ’n paar dekades later in die geskiedenisboek – sit ek weer met ’n bakkie ontbytmengsel en ’n koppie swart koffie, gereed om nog ’n dag in my lewe te begin met ’n kort geskiedenisles. Die eerste groot politieke rewolusies van die Westerse wêreld vir eers verby, kom ek toe by die drie groot ideologieë wat sou lei tot meer opstand en verandering – nasionalisme, liberalisme, en sosialisme.

Op hierdie punt is dit belangrik om te noem dat ek die afgelope dekade van opinie was dat ek ietwat van 'n sosialis is. As dit net 'n spel van mening was, sou ek my vlag opsteek vir die Bolsjewiste eerder as vir die tsaar in 1917, vir Mao en sy Rooi Leër eerder as die nasionaliste van Chiang Kai Sjek in die Chinese burgeroorlog, vir Fidel Castro eerder as Batista in 1959, en beslis eerder vir Karl Marx en Friedrich Engels as vir die uitbuiters van mans, vrouens en kinders in onder andere die fabriek van 19de-eeuse Engeland. (Die realiteit wat binne enkele jare mense se lewens sou versuur in Bolsjewistiese Rusland, Rooi China onder Mao, Kuba onder Castro en talle ander sogenaamde sosialistiese republieke, is 'n totaal ander storie.)

Ek sien myself ook eerder as liberaal as konserwatief. Maar wat beteken hierdie etikette van identiteit in historiese konteks?

Om jouself liberaal te noem, beteken volgens definisie dat jy jouself verbind tot die idee van emansipasie van die individu van beperkinge neergelê deur klas, maatskappy of regering. Goed, sover smaak my ontbyt so lekker soos enige dag, en my kop knik soos ek weereens my eie gesig in die teks sien.

Die volgende sin het my egter laat gryp na my bitter, swart koffie: “[The rise of liberalism] was intimately related to the *rise of the middle class* [and] it has remained essentially a *middle-class movement* in its theory and source of support.” (Eie kursief)

“Wat beteken dit?” het ek paniekerig uitgeroep. “Is ek middelklas net omdat ek myself as liberaal eerder as konserwatief sien, en omdat ek glo in die emansipasie van die individu?”

Die geskiedenis van liberalisme het droewiger gelyk hoe verder ek gelees het.

Liberalisme in Engeland in die 17de eeu het *middelklasbelange* gedien. Die Amerikaanse konstitusie – 'n liberale dokument volgens die maatstaf van die tyd – was noukeurig opgestel om die belange van die klas van

*eiendomsbesitters* te beskerm en te bevorder. Selfs die Franse Rewolusie, wat meer radikaal was in liberale beginsels, was hoofsaaklik gefokus op die belange van die Franse *middelklas*!

Die liberalisme wat vorm aangeneem het tydens die Engelse, Amerikaanse en Franse Rewolusies was toegespits op gelyke burgerregte, en nie noodwendig gelyke politieke en sosiale regte nie.

Liberalisme kon egter nie onveranderd bly nie. Die werkende massas – dié wie se hande en gesigte vuil was aan die einde van ’n lang werksdag – het toenemend hul stemme dik gemaak as gevolg van ’n toename in geletterdheid, en ook as gevolg van vakbondorganisasie. Klassieke liberalisme moes na die verloop van ’n eeu of wat plek maak vir ’n ietwat meer demokratiese weergawe. Een resultaat hiervan was dat meeste mans, ten minste, teen die einde van die 19de eeu die reg gehad het om ’n kruisie op ’n stembrief te trek.

Die beginsel van *laissez-faire* – ’n sentrale idee van die Verligtes van die 18de eeu wat die middelklas so goed gepas het in die 19de eeu – moes ook aangepas word. Die beleid van minimale inmenging van regeringskant in ekonomiese sake het nie goed gelyk in die aangesig van die bitter daaglikse realiteit van die werkersklas nie. Burgerregte en stemreg het nie aanvanklik veel verander aan die armoede en maatskaplike ellende wat veroorsaak is deur lae lone, lang werksdae, werkloosheid, siekte en ouderdom nie. Die werkers het derhalwe hulle stemreg en vakbondorganisasie begin gebruik om hulle saak vir sosiale hervormings te stel.

Hierdie proses het gelei tot ’n nuwe stel idees wat genoem is *demokratiese* liberalisme – en leiers wat gepredik het dat die staat verantwoordelik is vir ál haar burgers, nie net die middelklas nie. (Die hervormings van hierdie tyd sou uiteindelik lei tot die welsynstaat van die kontemporêre tyd.)

Ten spyte van die nuwe, meer humanistiese baadjie wat liberalisme sedert die laat 19de eeu begin dra het, het dit sy glans verloor as die hoofman onder die ideologieë van die dag.

Die belangrikste rede hiervoor was dat die advokate van die nuwe beweging nie daarin kon slaag om voldoende steun te wen onder die groeiende werkersklas nie.

Hoekom op aarde sou die mans en vrouens van die stof-en-roet-klas nie demokratiese liberalisme omhels nie? Hoekom sou hulle dit nie verwelkom as die beste beleid wat hulle ooit sou kon kry in hulle armsalige lewens nie? Die rede was 'n nuwe ideologie, aangenaam op hulle tonge soos warm sop wat 'n honger man op 'n wintersoggend laat hoop op beter dae – en selfs laat glo daarin! Werkers het toenemend hulle steun, en hul stemme as kiesers, gegee aan verskillende *sosialistiese* strominge. Hierdie ontwikkeling het die liberaliste in verskeie lande ingedruk tussen die konserwatiewes aan die regterkant, en die sosialiste links.

\* \* \*

Wat het dit alles met my te doen?

As mens nie 'n probleem het met die middel stratum van die geïndustrialiseerde wêreld en die tipe lewe wat gewoonlik daarmee geassosieer word nie, sal al hierdie geskiedenis net interessante leesmateriaal wees. My dilemma is dat ek sorgvuldig 'n identiteit ontwikkel het en 'n gepaardgaande persoonlike dogma aanmekeer gesit het wat daarop neerkom dat ek gekant is teen vele aspekte van middelklasbestaan – of dan my eie somtyds eendimensionele portret daarvan. Op een of ander stadium sedert my universiteitsdae het ek verder tot die gevolgtrekking gekom dat my anti-middelklas sentimente van my 'n ondersteuner van sosialisme maak. Ek het myself derhalwe toenemend geassosieer met die “werkersklas” – as gevolg van my eie agtergrond en my persoonlike leefstyl, asook in terme van my persoonlike politiek.

Ek was egter altyd bewus van die teenstrydighede. Die “werkers” in my eie familie is hoofsaaklik geïnteresseerd in 'n stabiele middelklaslewe, en hulle skuif ongemaklik rond – op sitkamerstelle wat hulle maar te bly is hulle op krediet kon koop – as ek praat van 'n jaar of twee in Taiwan en hoeveel

geld hulle sal kan spaar as hulle ooit moes besluit om óók so iets te doen. “Werklike” werkers gee meer om vir ’n stabiele arbeidsituasie, en droom van miskien ’n beter kar. Ek is bereid om gemak en heelwat plesiere van die lewe op te gee solank ek net vrye uitdrukking kan gee aan my werklikheidservaring, en niemand “Baas” hoef te noem nie. “Werklike” werkers, oftewel dan ten minste dié met wie ek persoonlike kontak het, aanvaar die wêreld waarvan hulle deel is meestal soos dit is – wat nie te sê is dat hulle nie ook ryk en vry wil wees, en van tyd tot tyd die behoefte aanvoel om die “Baas” agter sy rug te spot nie.

Die kern van die saak hier is my eie identiteit, hoe ek glo ek inpas in die polichromatiese landskap van sosio-ekonomiese klasse asook politieke en ekonomiese ideologieë en gepaardgaande etikette, en hoe ’n kombinasie van oortuigings dit moontlik maak om suksesvol te kan funksioneer in die moderne beskawing.

### **Die hamer splinter die spieël**

Soos reeds vermeld, het ek die afgelope paar jaar toenemend aan myself gedink as “linksgesind”, en as “werkersklas” eerder as “middelklas”. Om meer duidelikheid te gee aan hoe ek myself sien, het ek ook ’n paar jaar gelede begin om met groot entoesiasme vir Noam Chomsky aan te haal wat eenkeer gesê het: “Classical liberal tradition in the eighteenth century [stated that] at the root of human nature is the need for free, creative work under one’s own control. That must be at the basis of any decent society.”<sup>1</sup>

Ek glo beslis aan die reg van individue om hul eie saak te stel en om hulself uit te druk soos wat hulle dit goedvind (solank niemand anders te veel skade lei nie). Ek glo ook aan die reg van elke mens om te streef na vervulling van die inherente behoefte aan kreatiewe werk onder eie beheer.

---

<sup>1</sup> Noam Chomsky, *Secrets, Lies and Democracy*

As ek dus tot nou toe na myself in die spieël gekyk het en moes vra na my eie naam en plek in die Groter Landskap, kon ek met trots resiteer, “Ek is ’n klassieke liberalis, met ’n sterk affiniteit vir sosialistiese idees.” (En dan, siende dat ek voor die spieël was, sou ek sommer my armspiere so effens bult om te sien of ek darem saam met ander lede van die werkersklas ’n krat bo-op ’n trok sal kan gooi.)

Groot was my skok dus – en selfs meer onaangenaam as die eerste skok oor die verhouding tussen klassieke liberalisme en die middelklas – toe ek vanoggend lees dat sosialisme die groot *antitese* is van klassieke liberalisme! Hoe kan my een stel oortuigings die presiese teenoorstaande wees van my ander stel oortuigings?

Volgens Meneer Stavrianos beklemtoon liberalisme die *individu* en sy of haar regte. Sosialisme plaas die klem op die *gemeenskap*, en op kollektiewe welsyn. Liberaliste sien die samelewing as die produk van natuurlike wette. Sosialiste glo dat mense deur die gebruik van rasonele denke en aksie hulle eie maatskaplike stelsel en gepaardgaande verhoudings kan bepaal. Hulle glo verder dat menslike natuur hoofsaaklik die produk is van die maatskaplike stelsel waarbinne mense gebore word, grootword, en leef en werk as volwassenes.

Volgens hierdie beginsels glo sosialiste dat die euwels van die wêreld geëlimineer kan word deur die vestiging van ’n samelewing wat gefokus is daarop om *kollektiewe welstand* eerder as *persoonlike wins* te bevorder, en om *samewerking* onder die bevolking aan te moedig eerder as *kompetisie*.

Die klem van sosialisme lê dus by die groter gemeenskap eerder as by die individu – en by omvattende beplanning en bestuur van maatskaplike verandering eerder as om dinge op ’n natuurlike wyse te laat ontwikkel.

Verbysterd, en stikkend aan my droë pap en koue koffie, het ek verder gelees oor Plato wat gereken het ’n diktatorskap van filosowe kan die wêreld red, van Utopiese Sosialiste wat deeglike planne en beginsels uitgewerk het vir model gemeenskappe, en natuurlik oor Karl Marx wat verskil het van



die Utopiërs deurdat hy die historiese ewolusie en funksionering van die bestaande kapitalistiese wêreld bestudeer het, en tot die konklusie gekom het dat kapitalisme te pletter geslaan sal word deur die hamer van die werkers in 'n klassestryd wat 'n sosialistiese samelewing tot stand sou bring.

Die hamer het egter klaar my identiteit aan't skerwe geslaan, en die sekel het reeds my fyn beplanning van hoe ek inpas in die wêreld aan't flarde geruk. Is ek dan na al hierdie jare, na al die stukke wat ek geskryf het in spot en vrees vir die middelklas, na die deeglike legkaart wat ek gesny en gepas het om te kan verduidelik hoe ek inpas in die Groter Geheel, is ek na al hierdie eerlike pogings gedwing om te erken wat ek nog altyd gevrees het? Is ek *middelklas*?

## **Epiloog**

Ek lees nie meer my geskiedenisboek nie. Of, ek lees dit nie meer getrou elke oggend met ontbyt nie. Ek sou seker kon sê dis omdat breedvoerige inligting oor ideologieë my twee keer laat dink het oor my plek in die samelewing. Wat werklik gebeur het, was dat ek die einde van 'n hoofstuk bereik het, en ek kon nie meer die stapel ongeleesde koerante langs my stoel ignoreer nie.

Wat maak die besonderhede in hierdie essay saak as 'n groot persentasie van die wêreldbevolking nie eens voldoende opvoeding kry, of gekry het, om die verskil te verstaan tussen die 18de eeu en die 19de eeu nie? Maak dit regtig saak of ek 'n poster van Karl Marx of Jean-Jacques Rousseau teen my muur het, as meer as die helfte van die wêreldbevolking nie vandag 'n behoorlike bord kos gehad het om te eet nie?

Ek voel 'n bietjie selfbewus oor my obsessie met identiteit en my plek in die wêreld, en as gevolg daarvan 'n belangstelling in die ontwikkeling van die ideologie van "free work under one's own control". Is hierdie dinge belangrik vir enige iemand anders? Het hierdie sogenaamde literêre projek van my net-net 'n halwe kans op 'n plek op iemand se boekrak

omdat die gemiddelde leser nie net Tom Clancy en Stephen King kan lees elke dag nie? Weet almal min of meer waar hulle inpas in die samelewing? Sal iemand eendag vir 'n oomblik stilstaan tussen vergaderings en business lunches om my gemoedelik aan die skouer te vat en te sê, “Ons almal dink oor hierdie dinge, ons het net nie tyd om konstant daarvoor te tob nie”?

Hoekom maak dit saak hoe en waar ek inpas in die Groter Geheel? Dit maak saak, omdat geen mens bokant 'n primitiewe vlak kan funksioneer as hy nie weet hoe en waar hy inpas nie.

Ek weet steeds nie lekker hoe en waar ek inpas nie. Die redes hoekom ek nie weet nie ... wel, dis wat ek in die honderde bladsye van hierdie projek sover probeer verduidelik het.

(Die opsie is altyd daar dat ek myself kan beperk tot 'n gereduseerde realiteit waar dinge makliker sin maak, en waar my rol en funksie beter gedefinieer is, of makliker definieerbaar is. Die ding is, my bestaanswêreld is alreeds redelik beperk. As ek dit nog meer moet reduceer kan ek net sowel lid word van 'n godsdienstige kultus, of self een begin.)

Mens sal graag wil sê, “Al ken jy moontlik nie die korrekte akademiese formulering van jou plek in die samelewing nie, ken jy tog sekerlik die verskil tussen jouself en 'n armsalige wat kreppeer in die agterbuurte van Kolkata, of in Lagos, of selfs Johannesburg, dan nie?”

Goed en wel. Maar wat presies is hierdie verskil? Ek eet meer, en meer gereeld. Ek slaap elke aand op 'n gemaklike bed. As ek siek is, kan ek dokter toe gaan. Ek het nie 'n motorkar nie, maar ek het 'n fiets. Ek besit ook nie die eiendom wat ek met my posters en my meubels en my fisieke teenwoordigheid vul nie, maar as ek nie in hierdie woonstel bly nie, is daar ander woonstelle waar ek 'n deur agter my sal kan toetrek in die aande.

Dit is wel ook so dat ek nie hierdie woorde skryf in die land waar ek die natuurlike reg het om te woon nie. Ek woon in hierdie land omdat ek 'n profyt maak vir besighede wat

Engelse klasse verkoop aan die ouers van hoofsaaklik laerskoolkinders. Ek het dus toestemming van die owerhede om hier te woon, solank ek voortgaan om te voldoen aan die vereiste wat hulle laat instem het tot my teenwoordigheid op hierdie eiland. As ek nie meer elke dag my voorgeskrewe arbeidsrol in hierdie plek vervul nie, moet ek padgee.

Sou ek myself terug bevind in die land waar ek wel 'n geboortereg het om myself tuis te maak, sal die antwoord op die vraag na die verskil tussen my en 'n boemelaar in enige stad in die wêreld *aanvanklik* dieselfde wees: Ek sal elke dag eet, redelik gemaklik slaap, ensovoorts. Hierdie is egter verskille wat ek net as vanselfsprekend sal aanvaar as ek goed gesuip is en nie verder as my bed in iemand se gastekamer dink nie.

“As dit tot 'n groot mate 'n kwessie is van werk en inkomste, hét jy tog kwalifikasies,” sal iemand weer 'n mening waag. “Dit kan mos nie te moeilik wees vir jou om 'n betrekking te kry in enige groot stad in jou eie land nie, of hoe?”

Dit is so: Dit is sekerlik moontlik vir my om êrens iemand te vind aan wie ek my tyd kan verkwansel. Net jammer dat ek geëet het van die vrug van kreatiewe vryheid. Net jammer dat ek bewus is van die effek wat die Industriële Rewolusie gehad het op kontemporêre arbeidsverhoudings, en van die waarde van die individu as 'n rat in korporatiewe masjinerie. As ek net kon vergeet van al hierdie dinge, en terwyl ek besig is met die vergeet aksie, sommer ook vergeet van eerstehandse ervarings van hoe 'n middelklaslewe soms verkeerd kan loop, sou ek miskien van voor af kon begin het; sou ek 'n baie meer beskeie lot kon aanvaar wat heel moontlik my voorland sou wees; sou ek moontlik selfs dankbaar gewees het vir die soort van goeie lewe wat ek my eie sou kon noem in die aangesig van soveel mense wat stof eet voor hulle gemaklik raak in hulle vloedwaterpype vir die nag.

Dit bring ons by 'n goeie punt in hierdie opstel om 'n laaste vraag te vra: Skuld ek dit aan die boemelaars, aan die straatkinders, en aan ander wat minder bevoorregte lewens lei,

om op te hou skryf aan onpubliseerbare, selfgesentreerde materiaal en om eerder ’n “job” te kry?

\* \* \*

Duisende woorde is in hierdie stuk rondgegooi, datums en name is opgestapel teen mekaar, en deur die loop van die proses is vele bakkies ontbytpap met behulp van vele bekers koffie in my liggaam gestop, alles met oënskyklik een doelwit voor oë: om die vraag op te los van watter ideologiese etiket ek, die skrywer van hierdie materiaal, kan dra met geloofwaardigheid en oortuiging.

Ek het amper my aptyt verloor die oggend toe ek ontdek watse sentrale rol die klassieke liberaliste gespeel het in die verowering van die wêreld deur die middelklas – ’n sosio-ekonomiese groepering vir wie ek al jare lank aan die weghardloop is (al slaan ekself die sweep agter my soos ek hardloop). Soveel van die klassieke liberale idees is dan presies die tipe gedagtes waarmee ek myself aan die slaap sus in die aande! Hoe gemaak met so ’n nare teenstrydigheid?

Aan die ander kant was die ewe onaangename ontdekking dat ek myself verkeerdelik geïdentifiseer het as ’n “sosialis”. Ter regverdiging kan ek noem dat hierdie identifikasie heel moontlik gemotiveer was deur niks anders nie as die feit dat hulle die grootste en sterkste bende was wat ook gespu het in die rigting van die middelklas. Net jammer dat, benewens hierdie antagonisme teen die bourgeoisie, sosialiste ook glo dat die enkeling sy eie drome en ambisies, sy individualiteit, vrye kreatiewe uiting van sy werklikheidservaring, en soms selfs sy lewe moet prysgee ter wille van die welsyn van die gemeenskap, en uiteindelik vir die welsyn van die staat.

Ek respekteer die intellektuele talente van mense soos Marx en Lenin, en ek glo dat hulle werklik die belange van die gewone man, vrou en kind in vuil agterstrate, sielmartelende fabriekke, en stowwerige gehuggies op die hart gedra het. Ek reken ook – hoewel baie lewens vernietig was in die proses – dat mens selfs agting kan hê vir die toewyding

en die vasberadenheid waarmee die Bolsjewiste gepoog het om die grootste staatkundige eenheid in die wêreld te transformeer, en dit aan die hand van 'n stel idees wat vele van hulle werklik geglo het 'n meer regverdige bestel tot gevolg sou hê vir die meerderheid van die bevolking.

Ek kan nie die rol van klassieke liberalisme ignoreer in die vergrype van die Industriële Rewolusie en die gepaardgaande ontwikkeling van die kontemporêre middelklas nie. So ook kan ek nie iets anders mompel tydens die Geloofsblydenis van Kommuniste waar hulle resiteer dat, "As die staat wil hê jy moet tien ure per dag in 'n fabriek werk, moet jy dit doen, omdat dit goed sal wees vir die welsyn van die gemeenskap" nie. ("Plus, jy's in elk geval net 'n niksseggende deeltjie van die groter geheel wat nie gemis gaan word as jy in die middel van die nag verdwyn nie.")

Is ek dit aan enige Gemeenskap van Klassieke Liberaliste verskuldig om 'n Goeie Klassieke Liberalis te wees? Is ek dit aan enige kontemporêre Kommuniste verskuldig om 'n Goeie Sosialis of Kommuniste te wees? Sou ek hierdie etikette om my nek wou hang om aanvaar te word as deel van 'n groep, sou dit dalk noodsaaklik wees dat ek in opregtheid hulle geloofsblydenisse moes resiteer. Indien groeplidmaatskap nie my eerste prioriteit is nie, kan ek voortgaan om vir myself uit hierdie ideologieë, en uit die persoonlike bydraes van die leiers van die gepaardgaande bewegings, toe te eien wat ek goedvind.

Ek glo steeds, soos Jean-Jacques Rousseau en sy denkgenote, dat die wêreld voortgedryf word deur natuurlike beginsels; ook dat as mense net hulle gesonde verstand wil gebruik, ons 'n beter wêreld kan skep vir ons en ons nageslag. Verder glo ek aan die reg van die enkeling om vrye, kreatiewe uitdrukking te gee aan sy of haar persoonlike werklikheidservaring, ongeag of die gemeenskap of die staat daarvan hou of nie, maar solank dit nie ander se reg om dieselfde te doen, in die wiele ry nie. My hoed sal ek ook steeds lig vir mense soos Marx en Lenin, wat in erns en opregtheid hulle lewens toegewy het daaraan om 'n beter,

meer regverdige wêreld te kontempleer, en daarna oorgegaan het tot aksie om so 'n wêreld tot stand te bring – al was die resultaat van hulle pogings uiteindelik nie wat hulle gehoop het dit sou wees nie.

Watter “helde” gaan ek dus van nou af vereer as ek 'n poster agter 'n deur wil plak, om sodoende my identiteit en plek in die wêreld beter te illustreer? Hier's 'n voorstel: 'n steenkoolskets van myself, met 'n welige baard, 'n 18de-eeuse Franse pruik met grys krulle, en bo-op die pruik 'n kondukteurspet, circa Rusland, 1917.

## Dag in die dorp

Vrydag 20 Augustus 2004

Middag, tussen vier en vyf, onder 'n boom; ligbruin sokkies, ou vellies, groen kortbroek, geel onderbroek, en rooi kortmouhemp met wit spikkels op.

Nou net teruggestap van die dorp af, laaste deel oor 'n stofpad, tot op die plot. Het in die dorp drie boeke gekoop vir die totale koste van een R5-muntstuk: *Toe Witmense Arm Was*, 'n Truman Capote boek, en die draaiboek vir 'n Italiaanse toneelstuk met die titel, *Six Characters In Search Of An Author*. Draaie gemaak by tweedehandse meubelwinkels, banksake gedoen by Standard Bank en Postnet, en toe by die Spur middagete geëet.

By die Spur het ek gesit in die rokersarea. 'n Ouerige dame het alleen by 'n tafel agter my gesit. Ek weet nie wat sy gedrink het nie, maar sy't vroeg al "Nog een!" in die rigting van die naaste kelner geroep. Ook alleen was 'n aantreklike jong vrou by 'n tafel skuins oorkant my. Sy het die hele tyd op haar selfoon gepraat, yskoffie gedrink, en die een Paul Revere na die ander gerook.

Ek het bestel 'n Spur burger vir R23.95, knoffelsous vir R7.95 en 'n Black Label vir R9.95. Ek het die *Streeknuus* (R1) gelees, en twee Nat Shermans opgevlam met Lion vuurhoutjies.

In die middel van die dorp het ek 'n paar interessante feite op 'n kennisgewingbord gelees: Pretoria is 50 kilometer van Bronkhorstspuit af, Kaapstad 1 380 kilometer, Johannesburg 100 kilometer, Taipei 11 620 kilometer en Hong Kong 10 800 kilometer. Daarna het ek teruggestap plot toe.

Nou sit ek onder 'n boom, en hoor 'n stem wat onderlangs mompel: Lewe is ... duiwe wat koer, karre wat verby ry, die wind wat deur die blare waai, iets tussen my tande, voetstappe in die agtergrond, voëls en insekte wat lawaai in die bome, die

reuk van groentesop uit die kombuis, 'n radio wat lounge  
music uit die sestigs speel, 'n telefoon wat lui ...



## Oor ape en (sogenaamde) oorspronklikheid

Donderdag 7 Oktober 2004

Mens word gebore met min of meer geen identiteit nie, behalwe vir 'n naam. Binne enkele maande, of dalk 'n jaar of drie, begin jy ander mense in die omgewing se gedrag en taal na-aap. Soos jy ouer word, smelt hierdie na-apery saam met ander maatreëls om jou persoonlike veiligheid te bevorder – maatreëls wat relevant is tot partikulêre tyd en plek.

Wanneer 'n persoon ver genoeg weg beur van dit wat ander na-aap en goedvind vir hulself, gebeur dit dat die etiket van “oorspronklik” om hul nekke gehang word. Hierdie etiket is natuurlik nooit ten volle akkuraat nie, want selfs die sogenaamde “oorspronklike” kry sy idees van êrens af, geklee in 'n taal wat hy nie self geprakseer het nie.

Die punt hier is graad. Sommige mense aap ander so slaafs na dat mens skaars 'n verskil kan bespeur tussen die een wat nageaap word, en die aap self. En dan is dit natuurlik moontlik dat selfs die model 'n kloon is van iemand anders wat weer aanvanklik iemand anders slaafs nageaap het wat, êrens in die verre verlede, iets gedoen het wat tot 'n betekenisvolle graad verskil het van dit wat ander in daai tyd en plek nageaap het as Modelle van Funkisionerende Volwassenheid.

Sê ek mense is gemeganiseerde vlees-kreature wat geprogrammeer word deur die soms subtiële, en soms eksplisiete voorskrifte van ander in die omgewing. Uhm ... nee. Net omdat ek op die oomblik 'n paar denims aanhet, is nie te sê ek noem myself “Elvis” nie. Net omdat die buurvrou haar hare tease, is nie te sê sy weet wie Dolly Parton is nie. My punt is eerder dat iemand – wat ek aan gebrek aan 'n beter woord 'n “oorspronklike” sal noem – byvoorbeeld op een wonderlike dag besluit het om in die tradisionele werkersgewaad van denims te klim om inkopies te gaan doen, of om op enige ander uitstappie te gaan as na die naaste fabriek, en die wêreld was nooit weer dieselfde nie.

Die Nuwe Mens – kleuter, tiener, of jong volwassene – kyk na ander in die omgewing vir leidrade oor hoe om op te tree, wat om aan te trek, wat om wanneer te sê, en oor watter klanke gevorm moet word om bepaalde resultate te bewerkstellig. Dit is 'n natuurlike proses. Selfs die rebel wat die eerste keer 'n paar denims aangetrek het om te verskyn in 'n ander omgewing as een waar sy hande vuil sou raak, het opgetree na ander aksies eers geneem was – denim klere was ontwerp en vervaardig lank voor hy dit begin dra het buite sy werkplek. Sy aanpassing van hierdie verskynsel, aan die ander kant, was relatief oorspronklik (dis nou te sê as daar regtig ooit so 'n Eerste Denim Rebel was).

Enkele ander voorbeelde kan genoem word waarmee meeste lesers kan vereenselwig: die woordeskat en uitdrukkings wat mense benut om hulself in die guns van ander te bring; die wyses waarop arms geswaai word op 'n dansvloer; die tipe motorvoertuig waarop besluit word; die arbeid wat mense kies om te verrig om 'n inkomste te genereer; die juweliersware wat mense aanskaf om aan hul ledemate te hang; die oortuigings wat mense huldig aangaande godsdiens, politiek, en wat mens met jou lewe moet doen.

Is dit belangrik om nie te doen wat die spreekwoordelike *almal* doen nie? Om nie te lyk of te klink soos meeste van jou tydgenote nie? Om nie met jou lewe te doen wat omtrent almal wat jy ken met hulle lewens doen nie? My antwoord op hierdie vrae is intiem verweef met my eie siening van sake, met my eie agtergrond, met my eie onsekerhede en vrese, en met my beskouing van 'n groot persentasie van my tydgenote.

Ek glo wel dat daar drie moontlikhede is: 1) om slaafs na te volg wat deur jou omgewing voorgeskryf word ter wille van aanvaarding deur 'n spesifieke gemeenskap; deur Wie Jy Is te vorm om die aambeeld van wat aan jou voorgehou word as die norm van tyd, omgewing en gemeenskap; 2) om te kyk na wat aan jou voorgehou word as die norm van tyd, omgewing en gemeenskap, sommige van hierdie dinge te aanvaar, en sommige te verwerp in 'n KRITIESE EN KREATIEWE

PROSES, en dan te verskyn aan die gemeenskap as 'n eiesoortige weergawe van wat breedweg aanvaarbaar is, en as sulks te funksioneer; en 3) om na voorbeelde en leidrade te soek buite jou onmiddellike tyd, omgewing en gemeenskap, en 'n model van verskyning en funksionering te definieer wat tot so 'n mate verskil van wat oorspronklik aan jou voorgehou is, dat jy en jou lewe 'n primêre voorbeeld word wat ander sal oorweeg in hul eie soeke na leidrade en antwoorde op vrae wat, sal ons toegee, almal op een of ander stadium wakker hou.

## **Droom van sout, twee vrouens en 'n eier**

Saterdag 2 April 2005

Laasnag het ek 'n droom gehad. Beelde van 'n opgevoerde veldslag uit die Romeinse tyd het deur my brein geflits. Daar was ook 'n oorgrootte dubbelverdieping gebou met klein woonstelletjies.

'n Vrou het skelm in een woonstel moderne kos gaan eet. Na sy weg is, sluip ek toe in, gryp 'n paar handevol rosyntjies en neutte uit die kombuis en druk dit in my broeksak. In die sitkamer ontdek ek 'n hardgekookte eier wat ek toe ook saamvat – na ek 'n klomp sout daarvoor gegooi het. (Die soutpot het op 'n koffietafel gestaan, met heelwat verspilte sout om die pot.)

Ek loop toe in die oorgrootte gang af waar twee vrouens my konfronteer met die insinuasie dat ek nie altyd dieselfde mens is nie. Hulle peper my met vrae soos, “Hoe word hierdie naam uitgespreek in daai taal?”

Teen die tyd wat ons op die grondvloer gekom het, het my aanvanklik beleefde antwoorde op hulle vrae oorgegaan in 'n driftiger reaksie. “I, myself was given a very ethnic-specific name,” sê ek toe in Engels, “but sometimes you need to express yourself in other ways than those you were given. And sometimes you choose to go beyond what you've been given, in order to transform yourself! And maybe you do so for no reason other than as a first step towards, and for the sake of, transforming ... the community ... in which you live.”

Teen die laaste sin het die twee vrouens al so beangs geraak dat die een agter die ander een begin skuil het. Toe ek my rug op hulle draai en wegstap, het die vrou wat weggekruip het, agter my aangestap en my rug met albei hande begin krap – op 'n katagtige wyse.

Ek onthou toe van die eier waarmee ek uit die woonstel gestap het. Ek druk toe die eier stukkend in my broeksak, draai

effens om, leun oor my skouer en druk die gebreekte stukke in haar gesig.

Die laaste sin van my kort toespraak was afgemete. Ek het tot op daai oomblik in 'n harde, dringende stemtoon gepraat, en het toe sagter begin praat om die woorde te beklemtoon – veral omdat hulle moontlik verwag het dat ek sou sê, *transforming the world*.

## Vonke en ware liefde, in 'n neutedop

Maandag 10 November 2008

Daar is ware liefde, en daar is seksuele aantrekking. Daar is liefde wat 'n leeftyd duur, en daar is vonke van seksuele begeerte.

Soms voel jy seksueel aangetrokke tot 'n persoon, jy vat 'n kans, en jy geniet dit vir solank dit hou. Bly julle bymekaar, sal die seksuele aantrekking egter op een of ander stadium aangevul moet word met iets meer substansieel, naamlik liefde, die soort wat 'n leeftyd kan duur, tot lank nadat die vonke minder vurig geraak het en jy jousef vang dat jy soms wonder hoe dit met iemand anders sal wees.

Ek kom nou die dag af op 'n storie van 'n man wat halsoorkop is oor 'n vrou. Die vrou dink die man is 'n aangename ou: hy is gaaf, kan lekker gesels oor interessante dinge, maar dis waar dit stop vir haar. Sy wonder of 'n mens 'n hart wat nie vinniger wil klop nie, kan forseer. Sy dink byvoorbeeld wat 'n mens doen met seksuele begeerte, wat immers 'n eerlike fisiese reaksie is op iemand se teenwoordigheid.

Dit wil blyk asof die vrou in die betrokke verhaal haarself 'n baie spesifieke lewe voorstel saam met die man, sou sy kies om saam met hom te wees, 'n lewe waar dinge altyd sal wees soos dit nou is: hy is mal oor haar, sy trek terug. Vyf jaar later: hy is steeds mal oor haar, sy bly afsydig. Twintig jaar later: hy is nog steeds lief vir haar; sy gee om vir hom, maar sy is nie warm teenoor hom nie, en sy dink elke nou en dan terug aan die affair wat sy soveel jare gelede gehad het met die ou wat soos 'n filmster gelyk het.

Die werklikheid lyk egter in vele gevalle ietwat anders: die skaflike man is tans by  $X+20$ , en die vrou is by  $X+2$ ; na twee jaar is hy by  $X+15$ , en sy is by  $X+7$ ; na 10 jaar kan sy haarself nie 'n lewe sonder hom voorstel nie; hy is steeds baie lief vir die vrou – hy bring nog steeds op Sondae vir haar

ontbyt in die bed, maar vonke steek nie meer van sy kant af die muurpapier aan die brand nie. Dit is hoe die lewe soms is, in 'n neutedop.

Natuurlik kan dinge heeltemal skeefloop tussen die vrou en die man wat nie soos 'n filmster lyk nie. Sy fakkel begin dalk dowwer te brand na 'n paar jaar, en hy begin dalk rondkyk na ander vrouens net soos die vrou in sy lewe al hoe nader aan hom wil wees. Dit is ook hoe die lewe soms uitdraai, in 'n ander neutedop.

# Ten minste drie voorbeelde wat bewys dat mense vol nonsens is

Saterdag 13 November 2010

Die sewentiende en agtiende eeue voorsien ten minste drie voorbeelde wat bewys dat mense, ten minste helfte van die tyd, vol nonsens is.

1. In 1642 het die Britse Parlement die koning onttroon, en hom onthoof ’n paar jaar later om seker te maak hy sit nie weer die kroon op sy kop nie. Weer in 1688 het hulle dit duidelik gemaak dat hulle glo dat hulle die reg het om hul eie monarg te kies – John Locke se politieke teorie het dit blykbaar mooi opgesom. Tog, toe die Amerikaanse kolonies amper ’n eeu later die heerskappy van die Britse Parlement en kroon wou omverwerp, en selfs John Locke se argumente gebruik, wou die einste Britse heersersklas niks daarvan hoor nie. Die koning se posisie kan ’n mens nog tot ’n mate verstaan, maar die Britse Parlement het vasgeskop: die koloniste het geen reg gehad om onafhanklikheid te eis nie.

2. So idealisties soos die Amerikaanse rebelle was in hulle rewolusie met “All men are created equal” en “Life, liberty and the pursuit of happiness,” het hulle net so omgedraai en ongelykheid geforseer op mense van kleur wat hulle gereken het hulle die reg het om te besit as persoonlike eiendom, en hierdie mense nie net ontnem van hul persoonlike vryheid nie, maar van enige redelike kans op ’n goeie lewe en ’n bietjie aardse geluk.

3. Na hulle nederlaag teen die Engelse in 1763, het die Franse gejuk vir wraak. Die Amerikaanse rebelle se stryd teen hulle koloniale meesters was, volgens die Franse koning Louis XVI en sy raadgewers, die ideale geleentheid. “Kom ons ondersteun die rebelle in hulle rewolusie teen koning en aristokrasie!” het die koning uitgeroep, en nog ’n chocolate éclair in sy mond gedruk. Tog, nie veel meer as ’n dekade later nie, ruk Franse rebelle aan die hekke van Versailles, en hang



rewolusie swaar in die lug in Parys. “Hoe durf hulle?!” het die koning in die rigting van sy paniekbevange raadgewers gemompel, en gewonder wat van die roomkoek geword het.

En, nou dat ek daaraan dink, daar is ’n vierde voorbeeld.

4. Die rewolusionêre leiers in Frankryk was driftig met idealisme en ywer vir vryheid, gelykheid en broederskap in 1789 en die jare onmiddellik na die rewolusie. Maar was die vryheid beskore vir die gewone werker in ’n leerlooierij, of die pagter op die platteland? “Moenie belaglik wees nie!” sou van die leiers van die rewolusie in die veiligheid van hul woonkwartiere dink (dit sou op ’n stadium ’n bietjie gevaarlik gewees het om so ’n oortuiging op ’n Paryse straathoek te verkondig). Het gelykheid en broederskap ’n beter kans gestaan? Kon die gewone man en vrou wat nie besigheid, professionele titel of eiendom besit het nie, opgewonde raak oor die rewolusie? Hulle kon sekerlik aanvanklik opgewonde raak, maar teleurstelling was nie ver agter nie. Ten spyte van edel uitsprake was die rewolusie, aan die einde van ’n lang en bloedige dag, gemik op die verbreding van die aristokrasie. “Dis ons beurt om goed te leef!” sou ’n lid van die nuut bemagtigde bourgeoisie deur sy tande sis vir sy dienskneg, en nog ’n glas wyn opkommandeer.

## Tyd om op te gee

Woensdag 22 Februarie 2012

Een van die min populêre frases wat ek aanhang soos 'n universele waarheid, is dat mens nooit moet opgee nie. Ek glo dit nou al vir baie jare, en resiteer dit gereeld aan myself asof dit gebed is. Almal wat ek respekteer wat enige iets te sê het oor die lewe, bevestig dit ook. Jy gee nie op nie. Jy mag nooit, ooit opgee nie. As jy opgee, is dit verby. Jy sit plakkate teen jou mure op wat jou daaraan herinner. Jy koop vir jou T-hemde met bewoording wat dit bevestig. Jy stuur skakels aan na video's wat dit preek. Jy deel kort stories op Facebook sodat ander mense dit nie dalk vergeet nie. En as dit nodig is, skryf jy dit met 'n swart pen op jou tekkies se sole: "Never give up."

Die opgee waarna ek hier verwys, is die fatale tipe, die eksistensiële tipe. Ek verwys hier na 'n besluit om nie meer dinge te doen nie – jy's klaar met alles, klaar met probeer.

Tog, ten spyte van die lewensnoodsaaklike oortuiging wat so na aan 'n mens se hart lê, het jy soms nie veel van 'n keuse nie. Verskil is, dit wat jy opgee is nie lewe nie, en dit beteken nie dat jy nooit weer sal probeer nie.

Soms moet 'n mens opgee op dinge wat nie meer werk nie, of nog nooit regtig gewerk het nie. Soms gee mens op op 'n verhouding, of op 'n huwelik. Soms, na jy jare lank probeer het om uit te hou by 'n maatskappy want die hemel alleen weet jy't die geld nodig gehad, gee jy op. Jy bedank, en vee jou hande af aan iets waaraan jy jou bes gegee het om te laat werk. En soms los jy die stuur van projekte wat jy oor 'n duisend klipperige paaie gery het. Jy los die stuur, maak jou sitplekgordel los, en spring uit die kar uit voor dit oor die afgrond stort.

Want soms moet mens opgee om te oorleef.

## Weerkaatsing van die vrou met die roller op haar voorkop

Saterdag 25 Februarie 2012

Ek sit vanmiddag op die moltrein op pad huis toe. In die venster oorkant my sien ek die weerkaatsing van 'n jong vrou, twee sitplekke van my af. Ek merk op dat sy 'n reusagtige pienk roller op haar voorkop het, in plek gehou deur 'n sliert hare wat om dit gedraai is.

Een moontlikheid, skiet die gedagte deur my kop, is dat sy 'n modeslaaf is. 'n Jaar gelede het die breë samelewing, insluitende modeslawe, dit as belaglik beskou om rond te loop met 'n groot pienk kruller vasgeplak teen jou voorkop. Toe, uit die bloute, daag 'n gesagsfiguur in die modewêreld by 'n modeskou op met een op haar voorkop, en sedertdien het elke dissipel van die gesagsfiguur wat sy of haar sout werd is, die tendens slaafs nagevolg.

Indien dit die geval is, indien die jong vrou inderdaad 'n slaaf is vir alles wat modieus is, het ek nie veel agting vir haar nie, want sy is duidelik nie iemand wat vir haarself dink nie.

(Ek het ook gewonder wie aan die einde bepaal wat belaglik is. Ek druk elke dag 'n stuk lap op my kaal kop en noem dit 'n keps. Is dit nie belaglik nie?)

Die tweede moontlikheid, dink ek toe, is dat sý die een is wat die modeneiging begin het – of in die proses is om dit te begin. Dit sal beteken sy kyk nie na die arbitrêre belaglikhede wat ander mense aanvang en volg dit dan slaafs na omdat die persoon gesien word as 'n gesagsfiguur nie.

Is dit die geval, sal my beskouing van haar betekenisvol styg. Sy sal dit duidelik gemanifesteer het dat sy iemand is wat vir haarself dink en haar eie besluite neem, en dan verskyn in die openbaar op 'n manier waarin sy glo en wat sy goeioevind – al sien ander dit, vir eers, as belaglik.

Soos ons Formosa-stasie nader, kyk ek een laaste keer in die rigting van my potensieel interessante medepassasier. Ek

sien die roller is weg. Dit het blykbaar net 'n praktiese doel gedien.

'n Half-minuut later staan sy deur se kant toe, en ek kry vir die eerste keer 'n behoorlike kans om na haar te kyk – maar net vir 'n oomblik, want toe die deure oopskuif, druk sy effens verby 'n ander passasier. Kort daarna verdwyn sy in die stroom mense in, met haar kuif wat nou met so 'n astrante boog wegstaan van haar voorkop af.

Nota aan myself, dink ek toe: Aannames oor mense voor jy die hele storie ken is dalk nie vreeslik slim nie, maar ten minste is dit beter as om na jou eie weerkaatsing te staar in die moltrein se venster.

## **Dankie tog kinders is nie soos (sommige) volwassenes nie**

Vrydag 30 November 2012

As kind weet jy aanvanklik nie hoe om skaak te speel nie. Jy weet nie hoe om fiets te ry, of hoe om ballet te doen of rugby te speel nie. Jy weet nie hoe om 'n rekenaar te gebruik nie. Jy weet nie eens hoe om te lees of te skryf nie.

As kind het jy gewoonlik nie getwyfel wanneer dit by iets nuuts gekom het wat jy moes bemeester nie. Jy't net gedoen wat vir jou gesê is. Jy het aanhou probeer, en na 'n paar maande of 'n paar jaar kon jy skaak speel, fietsry, rugby speel, of ballet doen. Jy het leer lees en leer skryf, en uiteindelik geleer om 'n rekenaar te gebruik.

Hoekom dan, as volwassenes, twyfel soveel mense in hulle vermoëns om iets nuuts te kan leer?

“Ek weet nie hoe nie,” sal die man of vrou prewel.

“Ek is te oud om iets nuuts te leer,” sal die 30- of 40- of 50-jarige man of vrou sê.

“Nee, goeie genade! Daar's geen kans dat ek dit sal kan doen nie!” sal een persoon uitroep, veilig in die wete dat daar ten minste 'n handvol ander volwassenes in die omgewing is wat hulle sal ondersteun in hulle oortuiging dat hulle nie in staat is om iets te kan doen nie.

Kan jy jousef dit voorstel as kinders moes lei aan dieselfde droefenis?

“Agge nee, Pappa, daai fiets is so groot. Ek gaan afval en my toon stamp,” sal klein Sarel sê, en wegstap om onder die boom te gaan sit.

“Daai dansies lyk te moeilik, Mamma! Ek kan dit nie doen nie!” sal klein Juanita sê, en weier om uit die kar te klim by die balletskool.

“Skaak lyk so ingewikkeld ...”

“Ek weet nie hoe om daai krulletjies en lyntjies te trek soos die ander seuns en meisies in die klas nie ...”

“Ek is bang vir muise, en die rekenaar maak altyd sulke snaakse geluide ...”

Die einde van beskaafde gemeenskap soos ons dit ken.  
Die begin van Zombieland.

“As jy dink jy kan iets doen, of as jy dink jy kan nie iets doen nie, is jy reg,” het Henry Ford gemeen.

Watse voorbeeld dink mense stel hulle vir die volgende geslag as hulle op 25 of 40 of 50 ophou glo hulle kan iets nuuts bemeester, wil ek weet.

## **Kersdag is 'n bietjie soos die lewe**

Dinsdag 25 Desember 2012

Kersdag is 'n bietjie soos die lewe.

As 'n hele tafel vol kos voorberei word op die vyf-en-twintigste dag van die twaalfde maand van die jaar, 'n spesiale boom die sitkamer binne gesleep word en vol liggies en balletjies en poppies en sterretjies gehang word, speelgoed vir die kinders gekoop word en toegedraai word in kleurvolle papier, 'n paar liedjies dalk gesing word, en almal hulleself trommeldik eet en lag en kuier en gesels, dan's dit "Kersfees".

As jy nie bogenoemde dinge doen nie, is dit net die vyf-en-twintigste dag van die maand, en die maand is toevallig die twaalfde van die jaar.

So ook, is dit met die lewe.

## Tyd vlieg nie regtig nie

Saterdag 5 Januarie 2013

Ek is gewoonlik voor in die koor as daar geweeklaag word oor hoe vinnig die tyd vlieg. Een jaar ... vyf jaar ... 'n dekad! Twintig jaar ... Soos 'n mens dan in skok staan en wonder wat jy alles gedoen het, en wat jy alles nog wóú doen, sien jy in jou geestesoog die beelde van tien en twintig jaar gelede: helder, duidelik, asof dit gister was.

Dit is derhalwe soms nodig om jouself te herinner aan die werklike nommers:

5 jaar: amper 2 000 dae en nagte

10 jaar: meer as 3 500 dae en nagte

20 jaar: meer as 7 000 dae en nagte; meer as 7 000 keer onthou geëet, meer as 7 000 keer aandete geëet; meer as 20 000 keer badkamer toe gegaan; as jy voltyds gewerk het gedurende 'n 20 jaar-periode, dalk soveel as 5 000 keer werk toe gegaan ... meer as 5 000 keer in die verkeer gesit (dalk dubbel soveel) ... duisende kere met mense gepraat wat jy eintlik wou vermy ... dalk meer as 'n duisend keer vleis gebrui ... dalk soveel as 10 000 programme op TV gekyk, of selfs meer.

Tyd vlieg nie regtig nie.

Om die waarheid te sê, as jy mooi daarna kyk, oor vyf of tien of twintig jaar het jy duisende geleenthede om goed te doen, reg te maak wat verkeerd is of wat jy verkeerd gedoen het, en om iets te produseer of te help skep wat uiteindelik waarde sal bly voorsien aan ander mense.

Elke dag word jy 'n kans gegun om iets van die lewe te geniet, en elke dag word jy 'n kans gegun om iets te beteken vir iemand anders – iemand wat jou dalk sal onthou lank na jy jou laaste van meer as 25 000 oggendetes genuttig het.



## Ons is soms die mense wat ons verpes

Donderdag 6 Junie 2013

Ek was gister “daai persoon” op die Gautrein: die een wat op die perron by die lughawe nie wag tot ál die passasiers uitklim voor hyself met sy groot stukke bagasie inklim nie.

Dis nie dat ek as ’n reël onbeskof is nie. Dis net, die oomblik toe die trein tot stilstand gekom het en die eerste klomp mense uitgeklim het, het ek in Kaohsiung MRT-mode ingegaan: wanneer die uitkomende verkeer begin minder raak, vat jy ’n gaping.

Die oomblik toe ek in is, besef ek natuurlik die lughawe is die laaste stop: almal moet eers uitklim voor die volgende groep reisigers mag inklim.

Dit was onvermydelik dat iemand, rooi in die gesig van ontstokenheid, sou vassteek en vir my preek. “Wait for everyone to get off!” gil die man toe vir my. “The train is not going anywhere! You’ll all get a chance!”

My “whatever” respons was onoortuigend. Ek het geweet ek het myself skuldig gemaak aan gedrag wat my *daai persoon* gemaak het wat almal verpes op ’n trein, veral een soos die Gautrein as dit sy laaste stop maak by ’n besige stasie soos die lughawe. Ek was die persoon vir wie ekself al my tong geklap het en ’n vuil kyk gegee het.

Die gedagte kom toe by my op dat ek sekerlik in die opinie van die ou met die rooi gesig ’n eendimensionele karakter is. Ek is “Die Poephol Wat Nie Wag Nie”. As hy regtig daaraan moes dink, sou hy seker toegegee het dat hy reken ek loop die heeldag rond en irriteer mense. Of ek stap die heeldag rond op die lughawe en wag vir die trein om te arriveer sodat ek mans met rooi gesigte se gesigte nog rooier kan maak deur hulle uitgang te blokkeer met my reusagtige bagasie. Óf dit, óf ek verdamp soos kondensasie die oomblik as ek klaar my onbeskofte daad gepleeg het.

By Sandton-stasie het ek mooitjies gewag dat 'n paar mense afklim voor ek die trein verlaat het. Omdat ek 'n ander trein Rosebank toe moes haal, het ek nóg 'n kans gehad om te wys ek wéét hoe om 'n trein te betree soos 'n beskaafde mens.

Toe die trein 'n paar minute later tot stilstand kom by 'n ander perron, het ek teruggestaan. Die deure het oopgegaan ... maar voordat 'n enkele passasier 'n kans gehad het om uit te klim, het 'n jong vrou die deur bestorm.

“Ongeskik,” het ek geprewel, en gevoel hoe my wange warm raak van irritasie. Soos ek die vrou toe agterna kyk, wonder ek hoe lank dit sou vat voordat sy verdamp.

## Snaaks hoe dinge uitwerk

Dinsdag 22 Oktober 2013

Net voor ek intrek by een van slegs twee oop parkeerspasies by die supermark (dink spasies breed genoeg vir fietse, bromponies en motorfietse), parkeer 'n vrou en haar seun in die ruimte langsaan. Maar sy parkeer skeef, oor die ruimte waar ek my fiets moet staanmaak. Soos sy wegstap, kyk sy oor haar skouer. Sy sien sy't skeef geparkeer. Sy sien ek moet by die spasio ingaan waar die voorste ent van haar bromponie staan. Sy draai haar kop weg, en stap by die supermark in.

My beskouing van haar is eenvoudig: Sy's 'n barbaar.

Hoe anders? Sy verwag heel waarskynlik dat ander mense redelik sal optree teenoor haar in 'n parkeerarea, maar sy doen presies die teenoorgestelde. Ook, as almal moet doen wat sy gedoen het, sal daar chaos en konstante konflik wees. Nie net is sy nie 'n redelike mens nie, sy tree nie rationeel op nie.

Ek het haar 'n vuil kyk probeer gee by die groentefdeling, maar sy het weggekyk.

Hoe anders? (Of dink ek te veel?)

In ander nuus, ek het 'n noue ontkoming gehad kort voor my ontmoeting met die barbaarse vrou. Ek was besig om deur die tunnel te ry wat onderdeur die treinspoor gaan naby ons woonstel. Voor my was 'n ander fietsryer. Ek hou altyd regs in die nou tunnel sodat mense op bromponies my kan verbygaan, maar in hierdie geval kon ek sien dat ek die ander fietsryer sou moes verbysteek. Net soos ek toe verby hom skuur, hoor ek 'n helse knal. Ek kyk toe om en sien dat die ander ou oor iets gery het wat sy agterwiel se band laat bars het.

As hy nie daar was nie, het ek oor die skerp voorwerp gery. Wat beteken ek sou nie supermark toe gegaan het nie, en derhalwe nie die barbaar teëgekome het nie. Wat verder beteken dat ek nie rede sou gehad het om hierdie kort stukkie

teks te skryf nie, wat beteken dat jy nou iets anders sou ge lees  
het.

Snaaks hoe dinge uitwerk.

# Die man, die kind, en 'n spesiale toebroodjie

Vrydag 24 Oktober 2014

Toe ek vyf jaar oud was, het ek een oggend in 'n boom in ons voortuin gesit en wag vir die kleuterskoolbussie om my te kom haal. My ma was in die kombuis besig om vir my 'n toebroodjie te maak. Die volgende oomblik stop die bussie voor ons huis. Ek spring uit die boom uit, maak die tuinhekkie oop, en klim in die bussie in.

Soos die bussie wegry, sien ek hoe my ma by die voordeur uitkom met my toebroodjie in haar hande.

Dit het my hart gebreek. Ek het jare later nog vir haar vertel hoe diep dit my geraak het.

Ek is nou 43. Ek het vanoggend vir myself 'n toebroodjie gemaak, my vrou totsiens gesoen, en na die moltreinstasie toegery.

Terwyl ek wag vir die trein, sit ek my plastieksakkie met die toebroodjie op 'n bankie neer. Ek herinner myself daaraan om nie die sakkie te vergeet nie (ek raak maklik verlore in gesprek met myself).

Dis toe dat ek onthou van die insident met my ma en die toebroodjie toe ek vyf was.

Ek wonder toe, as my vrou vir my die toebroodjie gemaak het, en ek het die toebroodjie in die stasie vergeet, hoe sou ek gevoel het daarvoor?

Tot my groot vermaak besef ek dit sou my diep ontstel het.

## Krisis afgewend

Donderdag 6 November 2014

Die sleutelbord slaan nie homself nie. Die muis kliek, maar net wanneer ek een van twee vingers afdruk op sy flanke. Woorde stol op papier, maar sit vas wanneer ek hardop met myself praat ... wat eintlik net 'n halwe waarheid is, want woorde sit ook vas in my keel, of kruip weg agter my tande wanneer ek iets vir iemand anders wil verduidelik, of hulle wil verveel met 'n staaltjie oor die Europese Middeleeue, of met een van my befaamde opinies.

Nie dat ek daarmee wil impliseer dat ek oor soveel kennis oor die Europese Middeleeue beskik dat ek sommer op 'n sypaadjie of op die moltrein iemand kan vermaak met staaltjies daaroor nie, maar ek het al 'n paar Wikipedia artikels gelees, 'n paar dokumentêre video's gekyk, en, om die waarheid te sê, 'n hele paar boeke gelees oor die onderwerp.

Wat mens, in teorie, slimmer kan laat verskyn aan ander, maar dit maak jou geensins 'n beter piesang uitkieser nie. Ek meen, drie van my laaste drie piesangs het kneusplekke gehad! Was hierdie kneusplekke reeds teenwoordig onder die goudgeel skil in die supermark, of het ek die vrugte gekneus toe ek my halfliter koppie groentee daarop neergedruk het in die mandjie wat op die voorkant van my fiets gemonteer is?

Die einste halfliter groentee het gelek gearriveer in die spookagtig verlate buurt waar ek twee vertrekke in 'n ou huis ingerig het as my "kantoor". Toe ek die sakkie met die tee en die goudgeel piesangs uit die mandjie haal, loop daar tee oor my skoene en oor my broek. "WTF?!" wou ek gil. Toe besef ek die sakkie lek. Het die koppie gebreek? Het die vrou by die teestalletjie nie die deksel behoorlik toegemaak nie? Nadat die sakkie tee oor my skoene en netjiese broek gedrup het vir ongeveer 12 sekondes terwyl lelike woorde vryelik uit my mond gevloei het, het ek uitgehardloop straat toe, die koppie

uit die sakkie gehaal, en die tee in die sakkie in die drein gegooi.

Krisis afgewend.

Wat absoluut niks te make het met die Europese Middeleeue, of enige iets waarin enige iemand, ek ingesluit, enigsins belangstel nie.

## **Jy bou nog so lekker aan jou kaartehuis ...**

Vrydag 19 Desember 2014

Jy's besig om vir jouself 'n huis te bou – met speelkaarte. Iemand stap nader, kyk na wat jy besig is om te doen, en stamp die huis om. Die kaarte fladder aarde toe. Jy's woedend. “Wat de fok ...” gil jy. “Hoe durf jy? Ek was besig om 'n huis te bou – 'n tuiste! Beteken dit niks vir jou nie? Beteken dit niks vir jou dat ek al maande lank bou aan hierdie huis nie?!”

“Ek het jou 'n guns gedoen,” begin die ou te verduidelik. “Ek verstaan dat jy besig was met iets waaraan jy baie waarde heg, maar goeie aarde ou vriend, jou huis was gebou met kaarte! Met speelkaarte! Wat dink jy sou gebeur het as jy en jou familie hier ingetrek het en die eerste storm steek op?”

Jy stap woedend weg, skree elke nou en dan iets vieslik oor jou skouer.

Die volgende dag sien jy weer die ou. Jy skud sy hand. Jy sê, dankie, ek verstaan nou. “Ek was so gefokus op my plan,” gaan jy voort, “op die idee van 'n tuiste, 'n huis van my eie, dat ek die werklikheid misgekyk het.”

Daai selfde dag begin jy, weereens, van voor af.



## Die jaartalle krap aan my

Donderdag 5 Februarie 2015

Wat beteken 2015? Wat beteken dit dat ek gebore is in 1971? En niemand behalwe wetenskaplikes praat eens van 2045 of 2055 nie!

Dit krap nou al lank aan my dat ek die heelyd dink aan hierdie jaartalle, maar ek weet nie mooi hoe hulle in mekaar steek nie. En as ek weer sien, verander die nommer al weer.

Hier is een verduideliking:

Ek is gebore in 1871. Dis nou 1915, die tweede kalenderjaar van die Groot Oorlog. Indien ek ernstige ongelukke en siektes kan vermy en 'n redelike gesonde leefstyl handhaaf, kan ek verwag om te leef tot min of meer die middel 1940's.

Dit beteken ek is gebore in die jaar toe Otto von Bismarck Pruise en geallieerde Duitse state gelei het tot oorwinning oor Frankryk, en die vereniging van Duitsland. As Suid-Afrikaner kan ek praat van my tydgenote Jan Smuts, Louis Botha, en Sol Plaatje. Op die internasionale toneel sluit my tydgenote in Mahatma Gandhi, Franklin Roosevelt, Winston Churchill, Josef Stalin en Vladimir Lenin.

My laaste dae breek dalk aan in my sewentigs, net nadat die geallieerdes die Fasciste verslaan het in die Tweede Wêreldoorlog. Sou ek nog 'n dekade leef, tot in my middel tagtigs, sou ek kon sien in 'n kleurtydskrif en moontlik op swart-en-wit TV hoe 'n jong sanger met die naam van Elvis Presley sy been skud soos geen ordentlike jong man dit in my dag sou gedoen het nie.

# **Die werklike, of nie werklike, doel van ons bestaan**

Dinsdag 15 Desember 2015

Roer die moontlikheid aan dat die mens se bestaan 'n doel dien, en jy praat noodwendig van die mens se oorsprong.

Ek reken daar is drie moontlikhede: die mens is geskape deur 'n godheid; die mens was stadig besig om te ontwikkel uit vroeë lewensvorms, toe arriveer wesens van die buitenste ruim en plant van hulle DNS in 'n vroeë inkarnasie van wat uiteindelik die moderne mens sou word; die mens het stadig oor miljoene jare ontwikkel uit vroeë lewensvorms tot in die organisme wat ons vandag sien, sonder enige inmenging van godhede of vreemde wesens.

Elk van hierdie moontlike oorspronge het unieke implikasies vir die moontlikheid van 'n doel van ons bestaan.

As 'n godheid die mens geproduseer het, maak dit sin dat ons die doel van ons bestaan moet gaan soek by hierdie godheid: Wie is die godheid? Wat wil die godheid van ons hê? Hoekom het hierdie godheid ons geskape? Wat sal gebeur as ons nie doen wat ons moet doen nie, of indien ons om enige van verskeie redes nie kan uitwerk wat ons moet doen nie?

Indien ons die resultaat is van inmenging van wesens van die buitenste ruim, is die vroeë soortgelyk: Wie is hulle? Waar kom hulle vandaan? Hoekom het hulle kom inmeng met ons? Wat is ons veronderstel om te doen? Wat sal gebeur as ons dit nie doen nie, of as ons nie kan uitwerk wat hulle wil hê ons moet doen nie?

Indien ons stadig ontwikkel het oor miljoene jare, en dalk soveel as honderde maar heel waarskynlik ten minste dosyne verskillende inkarnasies deurgegaan het voor ons gekom het by die organisme wat ons vandag "mens" noem, kan ons nie werklik kyk na 'n mag buite ons wat lank gelede een of ander plan in gedagte gehad het nie.

Indien ons ons bestaan te danke het aan laasgenoemde, 'n hoogs waarskynlike en tog vreemd genoeg hoogs kontroversiële moontlikheid, kan ons 'n redelike afleiding maak. Dit sal beteken “doel van bestaan” is, soos identiteit, iets waarmee onself vorendag gekom het om onself te help om deur die spreekwoordelike dag te kom. Dit is met ander woorde nie regtig werklik nie.

Iets hoef egter nie regtig werklik te wees om praktiese waarde te hê nie. Identiteit is een voorbeeld: Ek is nie regtig “Brand Smit” nie. Of, “Brand Smit” is nie 'n regte ding soos 'n hond of 'n olifant of 'n potlood nie. Dis iets wat uitgedink is, oorspronklik deur my ouers, en toe het ek 'n bietjie bygedra, en ander mense het hand bygesit, en toe ek ouer geraak het, het ek meer kreatief geraak daarmee, en deesdae speel ander mense soms saam met wat ek sê, en soms nie. “Brand Smit” het wel praktiese waarde. Nie net help dit die skrywer van hierdie teks om deur sy dag te kom en redelik mooi saam te werk met ander organismes en kreature in die omgewing nie, dit kan hom selfs motiveer om van sy tyd en geld op te offer om bystand te verleen aan ander mense en diere.

Meeste mense wat sal baat by sy onbaatsugtige aksies sal heel waarskynlik nie veel omgee hoe hy dink aan die doel van sy bestaan nie. Hy kan byvoorbeeld 'n sopkombuis begin vir honger mense wat by die treinstasie slaap, en ek reken hulle sal nie juis omgee as die helper verklaar dat hy dit doen omdat hy dit sien as die doel van sy bestaan soos geopenbaar deur wesens van die buitenste ruim nie.

\* \* \*

Daar is dus 'n groot kans dat beide identiteit en oortuiging dat ons bestaan 'n doel dien, dinge is wat ons self uitdink. Dit is ook so dat sommige van ons hierdie dinge hanteer asof dit heilige waarheid is waaraan ons nie veel kan skaaf of verander nie.

Is dit goed om te dink jou bestaan dien 'n doel?

Ek het reeds die idee vermeld dat iemand warm sop en brood kan voorsien aan honger mense sonder vergoeding, en teen geen koste vir die persoon wat die sop en brood kry nie, moontlik omdat die voorsiener glo dis 'n manifestasie van die doel van sy of haar bestaan.

Dan is daar ook die ou wat nie glo sy bestaan dien enige doel nie; dat hy gebore is en uiteindelik sal doodgaan en tussen-in maar net sy bes sal doen om so goed as moontlik oor die weg te kom met sy bure, uit die moeilikheid te bly meeste van die tyd, en die lewe soveel as moontlik die moeite werd sal maak vir homself, siende dat hy maklik genoeg sy eie lewe kan beëindig.

Persoonlik het ek nie 'n probleem met 'n persoon wat nie glo sy bestaan dien enige doel nie. En as die persoon by die sopkombuis sê sy is 'n wese van die buitenste ruim wat maar net haar opdrag uitvoer, gaan ek ook nie 'n probleem hê met haar nie – solank die sop en brood van 'n kwaliteit is wat gewone aardbewoners deur die dag kan help.

Aan die ander kant van die spektrum sal ek wél omgee as iemand my kop wil afsny omdat, volgens hierdie persoon, antieke geskifte hom opdrag gee om dit te doen; dat dit inderdaad deel is van die doel van sy bestaan soos geopenbaar deur sy “heilige” boek.

Die oortuiging dat jou bestaan 'n doel dien is, soos identiteit, nie inherent goed of sleg nie. Beide kan jou help om heel en redelik gesond deur die dag te kom, en nie in die tronk of die malhuis te beland nie. Beide kan ook jou pad na die tronk of die malhuis besonders kort en reguit maak. En beide kan jou óf in staat stel om in relatiewe vrede te leef met meeste mense in die gemeenskap, óf dit kan jou op 'n oorlogspad sit met hulle, of met mense in ander gemeenskappe.

Wie is jy, aan die einde van die dag? En glo jy jou bestaan dien 'n doel? Indien wel, wat is hierdie doel, en waar het jy aan die idee gekom dat dit die doel van jou bestaan moet wees?

# Die Groot Trek – vlees-en-bloed geskiedenis

Maandag 11 April 2016

Ek het as kind aan die Groot Trek gedink as meer Bybelse geskiedenis as gewone geskiedenis. En ek het goed geweet: jy het anders gedink oor Bybelse geskiedenis, jy het anders daaroor gepraat, en jy het dit anders bestudeer.

Soos die Bybelse verhale, was die Groot Trek gevul met super-figure: Piet Retief, Gerrit Maritz, Andries Pretorius, en die vrou wat gesê het sy sal eerder kaalvoet oor die Drakensberg loop as om weer onder Britse heerskappy gebuk te gaan. Daar was ook aartsvyande, van die kaliber wat jy ook net in die Bybel aangetref het, waarvan die bekendste, die boosaardigste, Dingaan was, die koning van die Zoeloes.

Dan was daar gebeurtenisse wat so epies was dat 'n mens as kind nie anders kon as om te dink daaraan as Bybelse tipe-verhale nie. Daar was in die eerste plek die trek oor die vlaktes en later oor die Drakensberg. Dan was daar die moord op Piet Retief en sy geselskap deur hul aartsvyand en sy Zoeloe impi's. En uiteindelik was daar die epiese triomf by Bloedrivier, toe die Trekkers teen die verwagtinge in hulle vyand, wat die Trekkers oortref het in getalle tien teen een, verslaan het. Om die Bybelse kwaliteit van die Groot Trek storie te verseël, was God ook daar, aan die kant van die Trekkers, soos hy meer as 20 eeue tevore ook aan die kant van die Israëliete was.

Gesien vanuit hierdie beskouing, was die Groot Trek die Boere se Eksodus verhaal; die Oos-Kaap was Babilon; Natal en die Vrystaat en later die Transvaal was die Beloofde Land; Piet Retief was Moses; Andries Pretorius was Joshua; die Engelse was die Egiptenare; en Dingaan was die Faraon, of Goliath wat verslaan moes word op die slagveld deur die klein groepie Boere, of dan die getroue kryger, Dawid.

As jong student in 'n veranderende Suid-Afrika in die vroeë negentigs het ek bewus geraak van 'n proses onder

geskiedskrywers om die Groot Trek te demitologiseer. Dit was blykbaar glad nie so 'n massiewe volksbeweging nie; net iets soos 10% van die afstammeling van die oorspronklike Europese immigrante het deelgeneem aan die trek. En die oorwinning by Bloedrivier was ook eintlik glad nie 'n wonderwerk nie; die Trekkers het immers moderne wapens gehad, en die Zoeloes net assegaie en skilde van hardgemaakte leer om die koeëls van hulle lywe af te weer.

Aan die een kant het jy dus gehad die Groot Trek as mitologie wat vir dekades lank gebruik was deur politici en die regerende elite om etniese nasionalisme te kultiveer; aan die ander kant, gediskrediteerde geskiedenis, iets wat nie regtig was soos wat mens altyd geleer het nie.

Soos ek egter onlangs weer besef het, is die waarheid veel interessanter as enige opgeblase propaganda. As mens met 'n oop kop weer na hierdie geskiedenis kyk, sal jy ontdek die vlees-en-bloed mans en vrouens en kinders wat vrees en onsekerheid ervaar het; mense wat bemin het en wat geliefdes aan die dood moes afstaan wat die wêreld vir hulle beteken het; mense wat gehoop het om rustig te raak op 'n eie stukkie grond as die stof uiteindelik gaan lê het.

\* \* \*

Uit 'n oorsig oor *The Great Trek Uncut: Escape from British Rule – The Boer Exodus from the Cape Colony 1836*, deur Robin Binckes: “The author distances himself from the noble characters stereotyped for the past two centuries and portrays them in their true light: wonderful, courageous people with human feelings, strengths and failings.”

## 'n Desperate versoek

Sondag 15 Mei 2016

Ek het dit al voorheen genoem, maar ek doen dit nou weer, plegtig, in die openbaar: Ek vra myself, mooi asseblief, dat ek tog net nie 'n “oom” moet word nie.

Uit die aard van die saak is dit meestal mans wat hierdie versoek sal verstaan, en dan veral as hulle reeds hul sogenaamde middeljare getref het.

“Ooms” is gewoonlik konserwatief, en blyk in vele gevalle 'n by in hulle enjins te hê en 'n *chip* op hulle skouers. Hulle voel ook gereeld asof hulle manlikheid uitgedaag word. Een van die jonger geslag mans moet net dink daaraan om iets verkeerd te doen, soos om op die verkeerde plek te parkeer, te hard op sy selfoon te praat, of om voor die ou toppie in die ry in te druk by IKEA se restaurant in Kaohsiung (terwyl hy eintlik net weer aansluit by sy vriend), dan stu die “oom” op in die man wat enkele oomblikke tevore net 'n gewone mens was. Hy word rooi in die gesig, sy hare kry 'n gryser skakering van pure ontstokenheid, hy wil vir iemand die leviëte voorlees, en hy sê dinge soos, “Kom net by ... ASSEBLIEF!”

Dat almal hulle koppe vir hom skud, en sy vrou haarself voetjie vir voetjie van hom distansieer, maak aan hom niks saak nie.

Ten spyte daarvan dat daar nog plekke is waar “ooms” nog regeer – Saoedi-Arabië is een goeie voorbeeld, wil dit blyk asof “ooms” 'n bedreigde spesie is – rooi in die gesig van amper permanente ontsteltenis omdat iemand durf waag het om iets te doen waarmee die “oom” nie saamstem nie, en 'n gevoel dat indien die wêreld ooit aan hom behoort het, dit beslis nie meer die geval is nie.

Nou moet ek net myself sover kry om interne weerstand op te bou teen die “oom” binne my wat elke nou en dan dreig om sy ontstoke gesig te wys en sy vinger vir vreemdelinge te swaai.

## **'n Goeie en suksesvolle dag word opgebou laag vir laag**

Woensdag 28 Desember 2016

Wie begin sy dag met 'n manifes op sy lippe, en 'n fyn-uitgewerkte bloudruk in sy kop?

Feit is, meeste mense se dae begin met noodsaaklikheid: jy staan op want jy't nodig om badkamer toe te gaan, omdat jy honger is, en omdat jy afsprake gemaak het met mense en ondernemings en as jy nie opdaag nie, gaan jy in die moeilikheid wees.

En so begin jou dag. Uiteindelik stort jy en jy borsel jou tande, jy trek aan, en jy gaan êrens heen om jou brood en botter te verdien, of om andersins van waarde te wees vir die gemeenskap.

Laag vir laag word jou dag opgebou. Hier en daar maak jy 'n fout. Hier en daar sê jy iets of doen jy iets wat jou in verleentheid stel, maar na 'n paar minute of 'n uur of so is jy weer volstoom aan die gang.

Teen die tyd wat die dag verby is, kyk jy dalk terug na 'n goeie en relatief suksesvolle dag. Het jy dit begin met slagspreuke wat oor jou lippe gerol het, en 'n plan wat netjies uitgedruk langs jou bed gewag het vir jou om dit meganisties te volg? Heel waarskynlik nie, hoewel jy sekerlik 'n goeie idee gehad het hoe jy graag sou wou hê jou dag moet verloop.

So is dit met ander ondernemings en projekte wat jy aanpak. Jy het 'n goeie idee wat jy moet doen om redelike goeie resultate te bewerkstellig. Jy het 'n goeie idee wat jy nie moet doen nie om uit die moeilikheid te bly. Jy maak nogtans so nou en dan foute, en jy gly so nou en dan op 'n piesangskil. Maar suksesvolle resultate sal soos 'n goeie en suksesvolle dag opgebou word laag vir laag – tien, twintig, honderd groot en klein aksies en stappe wat een na die ander volg om 'n goeie resultaat te bou.



Slagspreuke is goed. Manifeste het hulle plek. Sekerlik moet jy weet wat jy moet doen. Maar sukses is meestal die resultaat van een laag klein, oënskynlik onbelangrike aksies op die ander. Net soos 'n goeie en suksesvolle dag.

-----

Nie presies op dieselfde onderwerp nie, maar in dieselfde gees: Scott Adams skryf die volgende op sy blog by Dilbert.COM: “The idea of a talent stack is that you can combine ordinary skills until you have enough of the right kind to be extraordinary. You don’t have to be the best in the world at any one thing. All you need to succeed is to be good at a number of skills that fit well together.”

## **Die Russiese Rewolusie, en my pogings tot 'n redelike normale lewe**

Saterdag 4 Februarie 2017

Ek het die laaste paar weke weer tyd gespandeer aan die redigering en vertaling van materiaal wat ek geskryf het in die middel- tot laat-negentigs en die vroeë nulle. Soos ek toe vanmiddag terugry van die werk af, dink ek aan van die temas wat keer op keer kop uitgesteek het in die materiaal. Ek dink toe daaraan dat ek ietwat verleë is oor die hele storie dat ek in my laat-twintigs en selfs nog vroeë-dertigs nie geweet het wat om te doen met my lewe nie. Ek het nie 'n ordentlike plan van aksie gehad nie; ek het nie geweet watse tipe sukses ek veronderstel was om na te jaag nie; en ek het nie 'n behoorlike begrip gehad van die lewe waarvolgens ek kon uitwerk watse besluite ek moes maak nie.

Soos ek verder huis toe ry, maak een gedagte toe plek vir die volgende. Ek dink eers aan my plegtige voorneme van gister dat ek vanmiddag, na my gewone take op die rekenaar, 'n middagslapie sal vat, en dan die nuwe boek gaan begin lees wat ek onlangs gekoop het vir my Kindle (oor die onopgeloste moord op 'n 20-jarige Britse vrou in Peking in 1937). Dit herinner my toe aan die lang artikel wat ek besig is om deur te werk op my leestoestel, en ek wonder vir 'n oomblik of ek dit eers klaar sal lees voor ek sal begin met die nuwe boek. Dis meestal teorie, dink ek toe, en dis moeilik om te volg en 'n bietjie vervelig.

Die artikel – eintlik 'n lesing wat gegee is jare gelede by 'n kongres – handel oor Leon Trotsky, rewolusionêr, skrywer en politieke teoretikus van die vroeë twintigste eeu. Ek dink toe hoe Trotsky, Lenin en ander Bolsjewiste soos Nikolai Bukharin “next level” slim was. Tussen konferensies wat hulle moes beplan en bywoon en wegkruip vir polisie en argumenteer oor die fyn punte van ideologie, het hulle ook nog elrelange artikels geskryf oor die teorie van politieke

rewolusie. En omdat daar heelwat kompetisie was in die veld van politieke rewolusie teorie in die laaste dekades van die negentiende eeu en die eerste twee of drie dekades van die twintigste eeu, kon jy nie wegkom met strooi nie. Sodra iemand 'n nuwe stuk werk die lig laat sien het, is dit gefynkam vir historiese foute, teenstrydighede, en swak argumente. Net partyleiers en politieke aktiviste wat intellektueel besonders begaafd was, en boonop goed kon skryf, se materiaal is ernstig opgeneem wanneer besluite geneem is oor beleid en planne van aksie.

Boem! tref dit my: Daai rewolusionêre wat die politieke beheer van die ou Russiese Ryk wou oorneem, daarin geslaag het, en toe sit met die gebakte pere, het nie regtig geweet wat hulle doen nie! Nie net het hulle planne van aksie verander soos omstandighede dit vereis het nie, daar was ook ernstige meningsverskille onder die leierskorps oor watter teorieë gevolg moes word wanneer besluit moes word op politieke, ekonomiese, en maatskaplike beleid. Die wêreldbeeld en die begrip van hoe menslike bestaan veronderstel was om te verloop wat gegeld het vir eeue, is ook opsy geskuif. Die nuwe leiers in die Kremlin het 'n radikaal verskillende idee aangehang waarvolgens hulle geglo het mense se lewens bestuur moes word. Om beleid te kon bepaal, besluite te kon maak, planne van aksie te formuleer en planne van aksie uit te voer, het hulle egter meer as 'n radikale idee nodig gehad – hulle het teorieë benodig wat 'n bepaalde begrip oor menslike natuur in 'n koherente geheel kon saambind met politiek en ekonomiese beginsels en nog 'n paar ander dinge.

'n Oorsigtelike beskouing van politieke teorie in die tyd voor, gedurende, en na die 1917-rewolusie is genoeg om óf 'n mens se kop te laat spin, óf jou aan die slaap te verveel. Die ou Sosiaal-Rewolusionêre Party het byvoorbeeld geglo in die sosialisering van grond, oftewel dat plaasgrond verdeel moes word onder die kleinboere, terwyl Lenin en die Sosiaal-Demokratiese Arbeidersparty (uit wie se range die Bolsjewiste gekom het) geglo het in die kollektivisering van landbougrond – om dit onder staatsbeheer te plaas. Die SDAP

het klaslidmaatskap gedefinieer in terme van eienaarskap van produksiemiddele, terwyl die Sosiaal-Rewolusionêre klaslidmaatskap gedefinieer het volgens die surplus waarde wat uit arbeid getrek word. Volgens die eerste definisie was kleinboere wat bestaansboerdery beoefen het, nie van enige loonarbeid gebruik gemaak het nie, en die grond besit het wat hulle bearbei het, lede van die kleinburgerklas. Volgens die tweede definisie kon hulle gegroepeer word saam met ander mense wat arbeid *voorsien* het eerder as mense wat arbeid *gekoop* het, en kon derhalwe saam met industriële arbeiders gesien word as deel van die werkersklas. (Hierdie verskil mag dalk vandag vir sommige mense lyk na 'n akademiese punt, maar veral in die 1920's en 1930's was dit 'n saak van lewe en dood.) Die skeuring van die Sosiaal-Demokratiese Arbeidersparty in 1903 was grootliks te wyte aan 'n verskil van mening oor beginsels en teorie. Een van die belangrikste punte waaroor die twee faksies verskil het, was oor die definisie van "partylid". Lenin en sy ondersteuners (die latere Bolsjewiste) het aangedring daarop dat kandidate lid moes wees van een van die party se organisasies, terwyl hul opponente gereken het dit was goed genoeg as die persoon slegs gewerk het onder die leiding van 'n party-organisasie. Laastens was daar ook die verskil tussen Leon Trotsky en sy ondersteuners in die 1920's wat geglo het dat die rewolusie ten alle koste uitgevoer moes word na ander lande, en sy aartsvyand in die party, Josef Stalin, wat van mening was dat sosialisme eers opgebou moes word in een land. (Weereens lyk dit dalk vandag na 'n debat tussen bleeksiele, maar Stalin het sterk genoeg daarvoor gevoel dat hy 'n sluipmoordenaar gestuur het om 'n yspik in Trotsky se skedel in te kap om die argument te wen.) Trotsky het ook die idee aangehang van Permanente Rewolusie, wat volgens Wikipedia soos volg gedefinieer word: "Permanent Revolution is the theory that the bourgeois democratic tasks in countries with delayed bourgeois democratic development can only be accomplished through the establishment of a workers' state, and that the creation of a workers' state would inevitably involve inroads

against capitalist property. Thus, the accomplishment of bourgeois democratic tasks passes over into proletarian tasks.” (En om te dink daar is mense wat reken om ’n rewolusie suksesvol deur te voer, het jóú kant net meer gewere nodig as die ander kant.)

Terug na my eie beskeie struwelinge in my twintiger- en vroeë dertigerjare. Ek het nie ’n land gehad wat soos ’n ryp perske in my skoot geval het nie, maar ek het my eie lewe gehad wat voor my uitgestrek het. Net soos die Bolsjewiste in die twintigerjare (en natuurlik die dekades daarna, maar dis ’n ander storie) moes uitwerk hoe hulle te werk moes gaan om ’n regering te vorm, beleid te bepaal, en infrastruktuur en dienste te behartig wat miljoene mense se lewens sou raak, moes ek ook besluit hoe ek te werk sou gaan om my eie lewe in ’n bepaalde rigting in te stuur, en dalk iets te doen waarop ek later kon terugkyk met meer trots as skaamte. En net soos die Bolsjewiste die maniere van dink en dinge doen verwerp het van wat die gevestigde politieke, ekonomiese en maatskaplike orde was in Rusland tot en met 1917, so het ek ook besef dat ek eers sou moes uitwerk hoekom ek een ding moes doen en nie ’n ander nie, hoekom ek nie net kon volg in die spore van ander mense nie, hoekom wat goed gewerk het vir vele van my tydgenote, nie noodwendig vir my kon werk nie. Ek kon nie net wegspring en my lewe begin “regeer” nie. Ek moes eers uitwerk hoekom dinge is soos dit is. Ek moes planne van aksie uitwerk wat sou strook met wat ek uitgewerk het, en met die “beleid” waarop ek besluit het.

Enige een wat ’n bietjie kennis het van twintigste-eeuse geskiedenis sal weet die Bolsjewiste se eksperiment het uiteindelik nie uitgewerk nie. Slim mense kan verduidelik waar die teorie soos ontwikkel deur Marx, Trotsky, Lenin en ander verkeerd was, en waar dit dalk kon gewerk het as dit nie was vir die destruktiewe beleid en sinnelose geweld van bloeddorstige helhonde soos Josef Stalin nie.

Na ek al daai tyd gespandeer het om te probeer uitwerk hoe ek my lewe wil leef en hoekom op so ’n manier, waar ek vandaan kom in die breër sin as net om na my pa en ma te kyk,

en hoe ek inpas in die massa van stimulus buite my vel, moet ek sê dat my eie lewe tot dusver redelik goed uitgewerk het. Ek weet ook watse veranderinge ek nog kan aanbring om dit beter te maak. En as ek moet, kan ek alles verduidelik aan iemand wat die regte vrae vra. Wat, as ek so daaraan dink, nie sleg is nie, siende dat ek baie ver van “next level” slim af is.

## **Slaan die drom met oorgawe, of laat sak jou kop in skaamte**

Maandag 13 Februarie 2017

Ek kyk 'n program getiteld *Heart of Taiko*, oor die tradisionele Japannese drom. Die program volg drie Maleisies-Japannese tienermeisies wat 'n taiko-groep gestig het in Penang. Hulle word genooi om 'n werkswinkel by te woon by 'n legendariese vervaardiger van taiko-dromme in Japan. Hulle ontmoet drie van die land se top vroulike spelers, wat hulle een na die ander onder hande kry om hulle te leer van tegniek en korrekte optrede. Aan die einde van die paar dae word daar verwag van die groep tieners om saam met die Japannese dromspelers 'n vertoning te lewer voor 'n uitgesoekte gehoor.

Die jonger van die drie Japannese meesters neem die voortou met die opleiding. Sy is krities van die begin af. Die meisies speel nie saam nie. Hulle vertoon 'n gebrek aan toewyding. Sy gee vir hulle pakke tydskrifte toegedraai in papier om op te oefen, en sy wonder die volgende dag hoekom die pakke nog nie stukkend geslaan is nie. Sy kyk na hulle handpalms. Hoekom is dit nie stukkend nie? Hoekom is daar geen blase nie? Sy vat hulle na 'n winderige strand toe waar hulle wydsbeen moet staan en swaar dromstokke bo hulle koppe moet hou terwyl hulle iets gil. Dit terwyl 'n sterk wind dreig om hulle om te waai. Hulle doen oukei, maar steeds is hulle leermeester nie beïndruk nie.

Die volgende dag gaan hulle na 'n klooster toe om te mediteer – hulle sit stil op kussings en staar na 'n wit muur. Aan die einde daarvan beskryf die een meisie dit as 'n baie leersame ervaring. Sy sê sy het geleer dat mens ten volle teenwoordig moet wees in die oomblik.

Hulle gaan terug na die opleidingsentrum toe. Hulle oefen harder.

Die dag daarna moet hulle weer dromme speel vir hul leermeester – die jong, professionele taiko-speler. Hierdie keer glimlag sy. Hulle maak nog baie foute, sê sy. Daar's nog baie wat hulle moet leer. Maar, en dit sê sy met groot tevredenheid – sy sien meer toewyding in hulle oë. Sy sien dit ook in hulle armbewegings: die arms word hoog opgelig, en hard afgebring op die dromvel. En hulle skree lekker hard.

En hulle leer: Tegniese foute is een ding; ons werk daaraan. Almal maak foute aan die begin. Foute is vergeeflik. Wat onvergeeflik is, wat om die waarheid te sê 'n groot verleentheid is vir almal, is gebrek aan toewyding.



## Huiskatte is nie noodwendig waansinnig nie

Vrydag 7 April 2017

Enige skerp waarnemer van 'n huiskat se daaglikse bestaan sal die indruk kry dat die dier in 'n waan leef. Hy dink duidelik hy's die baas van die huis, en dat alle beddens, die rusbank, die tapyt in die sitkamer en die kombuistoonbank alles sy persoonlike eiendom is. Hy reken verder dit is heeltemal aanvaarbaar vir hom om drie-uur in die oggend 'n bloeddorstige gegil die lugweë in te stuur omdat hy verveeld is en nie 'n enkele een van sy persoonlike slawe die ordentlikheid het om sy toutjie oor die vloer te kom trek nie.

Mense, aan die ander kant, het hierdie aardige siening dat dit goed is om 'n eerlike beskouing van die werklikheid te hê. Ons glo ons moet ons tekortkominge erken. Ons glo ons moet erken as ons nie dink iets is redelik of moontlik nie. Omdat dit ons beskouing is, tree ons dan ook daarvolgens op. Ons waag nie sekere dinge nie. Ons ken ons plek. Ons hou nie daarvan om uit ons beurt te praat nie.

As huiskatte meer soos baie mense was, was hulle beslis in die moeilikheid. Hulle sou moes erken hulle is uiters weerlose diere wat tussen een-kwart en een-vyf-en-twintigste die grootte is van meeste diere om hulle – naamlik mense, en ander diere soos honde. Hierdie eerliker beskouing van hul werklikheid sou lei daartoe dat katte aansienlik kleiner ego's sou hê, stil sou sit in 'n hoekie sodat iemand nie dalk met hulle raas nie, en geduldig sou wag totdat iemand so genadig is om vir hulle 'n bietjie kos uit te sit.

Katte sien beslis nie realiteit soos wat dit werklik is nie – hulle sien dit soos dit hulle pas, en tree daarvolgens op.

As enige mens dit durf waag om hulle bewus te maak van hulle waan, sal die kat eers verveeld gaap, en as hy dink jy kry steeds nie die punt nie, sal hy verplig voel om jou nuwe lakens aan't flarde te gaan krap. Jy kan jouself net verbeel hoe die gedagte vorm aanneem in die kat se kop: "Eerlike beskouing

van realiteit? Is jy van jou trollie af? Wat dink jy is ek – ’n mens?”

Die wetenskaplike, Donald Hoffman, sê ewolusie begunstig nie mense met ’n goeie begrip van objektiewe werklikheid nie, maar eerder diegene wat die werklikheid waarneem op ’n manier wat hulle in staat stel om op effektiewe wyse te oorleef.

Duidelik werk dit baie goed vir ten minste óns huiskatte.

# Tyd stap aan, en voorbladnuus vervaag

Sondag 9 April 2017

Vyftig jaar van nou af sal slegs sommige Geskiedenisonderwysers, historici en mense wat werklik belangstel daarin vir langer as 60 sekondes kan praat oor die Tweede Wêreldoorlog. Vir meeste ander mense sal dit eenvoudig te lank gelede gewees het, en daar sou te veel dinge gebeur het in hierdie eeu wat hulle koppe vol sal maak.

Ek meen, hoeveel mense vandag kan vir langer as 30 sekondes intelligent gesels oor die Eerste Wêreldoorlog? Hoeveel mense tydens die Eerste Wêreldoorlog kon intelligent en vir soveel as een minuut gesels oor die Napoleontiese oorloë? En onthou: die gebeure van die eerste twee dekades van die 1800's was voorbladnuus in ten minste groot stede in die tyd toe dit plaasgevind het, en warm onderwerpe van gesprek rondom etenstafels en in die strate!

Dieselfde vraag kan gevra word oor die Franse Rewolusie aan die einde van die agtiende eeu, of die Protestantse Rewolusie en die godsdienoorloë van die sestiende eeu. Hoeveel mense kon 100 jaar na hierdie gebeure nog intelligent hierdie gebeure bespreek?

Feit is, tyd stap aan. Ou geskiedenis moet plek maak vir nuwe geskiedenis. Veterane van die grootste oorlog vir 'n geslag of meer sterf een vir een tot daar niemand oor is wat nog daai oorlog eerstehands ervaar het nie. En mense se belangstellings verander.

Geskiedenis waaroor jy slegs vandag onkundig sal wees omdat jy onopgevoed is of in 'n grot woon, sal in vele gevalle oor 'n paar dekades so obskuur wees dat mense jou snaaks sal aankyk as jy wél vir langer as een minuut 'n gesprek kan voer daaroor – of, afhangende van die onderwerp en die dekade, 'n monoloog.

\*\*\*\*\*

Indien jy hierdie bundel geniet het, of dit opvoedkundig gevind het, oorweeg dit asseblief om 'n gedrukte kopie te koop, of 'n elektroniese kopie vir jou leestoestel.

Onthou: die skrywer moet ook eet en huur betaal!

[BRANDSMIT.NET/BOEKWINKEL](http://BRANDSMIT.NET/BOEKWINKEL)

\*\*\*\*\*



\* \* \* \* \*

Beskikbare titels deur Brand Smit – in beide digitale en gedrukte formaat:

*In die greep van ketters – of, Die Christen  
Nie tafel, hond of potlood nie  
Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan  
Solank jy staande bly ...  
Die noodsaaklike onaangenaamheid  
Die volwasse lewe  
Oor skryfwerk en die skrywer  
Ballingskap*

*Dertien minute op 'n Saterdagavond  
Tyd vlieg nie regtig nie*

*Koors/Fotografie: Twee versamelings gedigte*

Meer inligting is beskikbaar op die skrywer se webwerf:

[BRANDSMIT.NET](http://BRANDSMIT.NET)

\* \* \* \* \*